eventualidade *(f.)* — eventualiteit, gebeurlikheid; **as eventualidades da vida** — die lotgevalle van die lewe
evidência *(f.)* — klaarblyklikheid; **ceder à evidência** — om die situasie te aanvaar; **recusar-se à evidência** — om die feite te ignoreer
evidenciar — om te openbaar, te toon
evidente — klaarblyklik, vanselfsprekend
evitar — om te vermy
evitável — vermydelik
evocação *(f.)* — oproeping, evokasie
evocador, -ra, evocante — wat in herinnering roep, wat laat herleef
evocar — om op te roep; om in herinnering te roep
evocativo, -va — evokatief
evolar-se — om weg te vlieg
evolução *(f.)* — evolusie; *(mil.)* maneuver; beweging
evolucionar — om bewegings uit te voer
evolucionário, -ia — evolusionêr
evolucionismo *(m.)* — evolusieleer
evolucionista *(m., f.)* — evolusionis; *(adj.)* evolusionisties
evoluir — om te evolueer, te ontplooi
evolutivo, -va — ontwikkeling(s)-, evolusie-
ex- — oud-, eks-, gewese, voormalige
exação *(f.)* *(Bras.)*, **exacção** *(f.)* — invordering; eksaktheid
exacerbação *(f.)* — verergering
exacerbar — om te vererger, te verskerp
exactidão *(f.)* — eksaktheid, akkuraatheid
exacto, -ta — eksak, akkuraat, presies
exageração *(f.)* — oordrywing
exagerar — om te oordryf; om te oorskry
exagero *(m.)* — oordrywing
exalação *(f.)* — uitwaseming; damp
exalar — om uit te wasem, af te gee; **exalar o último suspiro** — om die laaste asem uit te blaas
exalçar — vide: **exaltar**
exaltação *(f.)* — eksaltasie; verheerliking; **Exaltação da Santa Cruz** — Fees van die Heilige Kruis
exaltado, -da — verhewe; geëksalteer(d); oormatig
exaltar — om te verhef, te verheerlik; **exaltar-se** *(fig.)* — om jou te vererg
exame *(m.)* — eksamen; ondersoek; **fazer um exame** — om 'n eksamen af te lê; om te ondersoek; **exame vestibular** *(Bras.)* — universiteitstoelatingseksamen
examinador *(m.)* — eksaminator
examinando *(m.)* — eksamenkandidaat
examinar — om te eksamineer; om te ondersoek
exangue — bloedloos
exarar — om te notuleer; om te graveer
exasperação *(f.)* — treitering; radeloosheid, vertwyfeling
exasperar — om te irriteer, te treiter; om tot die uiterste te dryf
exaspero *(m.)* — vide: **exasperação**
exatidão, exato, -ta *(Bras.)* — vide: **exactidão, exacto, -ta**
exaurir — om uit te put; om op te droog
exaustão *(f.)* — uitputting
exaustivo, -va — uitputtend; uitvoerig, grondig
exausto, -ta — uitgeput, gedaan
exautorar — om van gesag te onthef; om te degradeer
exceção *(f.)* *(Bras.)* — vide: **excepção**
excedente — oorblywend; *(subst.)* *(m.)* res, oorskot
exceder — om te oortref; om te oorskry; **exceder-se** — om te ver te gaan *(fig.)*; om jou te oortref
excelência *(f.)* — voortreflikheid; Eksellensie; **dar excelência** — om as Eksellensie aan te spreek; **por excelência** — by uitstek
excelente — voortreflik, uitmuntend
excelso, -sa — subliem
excentricidade *(f.)* — eksentrisiteit
excêntrico, -ca — eksentries, eksentriek
excepção *(f.)* — uitsondering; eksepsie; **à excepção de** — met uitsondering van, behalwe
excepcional — eksepsioneel, uitsonderlik, buitengewoon
excepto — behalwe, buiten
exceptuar — om uit te sluit *(fig.)*, uit te sonder
excerto *(m.)* — ekserp, uittreksel
excessivo, -va — eksessief, oormatig
excesso *(m.)* — oorskot; oormaat; gruweldaad; **excesso de peso** — oorgewig; **em excesso** — uitermate; **os excessos arruinaram-lhe a saúde** — sy uitspattige leefwyse het sy gesondheid ondermyn

excetuar *(Bras.)* — vide: **exceptuar**
excitabilidade *(f.)* — prikkelbaarheid
excitação *(f.)* — irritasie, opwinding
excitado, -da — geprikkel, aangespoor; opgewonde
excitamento *(m.)* — aansporing; aanhitsing; irritasie; opwinding
excitante — stimulerend, prikkelend
excitar — om te prikkel, te stimuleer; om te irriteer; om aan te vuur
excitável — prikkelbaar, vatbaar vir ophitsing
exclamação *(f.)* — uitroep; **ponto** *(m.)* **de exclamação** — uitroepteken
exclamar — om uit te roep
exclamativo, -va — uitroepend
excluir — om uit te sluit *(fig.)*, uit te skakel
exclusão *(f.)* — uitsluiting
exclusividade *(f.)* — uitsluitlikheid, eksklusiwiteit
exclusivismo *(m.)* — eksklusivisme, kliekgees
exclusivo, -va — uitsluitend, eksklusief
excluso, -sa — uitgesluit
excomungar — om te ekskommuniseer
excomunhão *(f.)* — ekskommunikasie
excreção *(f.)* — uitskeiding, ekskresie
excremento *(m.)* — ekskrement
excrescência *(f.)* — uitgroeisel
excretar — om uit te skei
excursão *(f.)* — ekskursie, uitstappie
excursionista *(m., f.)* — piekniekganger, toeris
execração *(f.)* — afsku, verfoeiing
execrar — om te verafsku
execrável — afskuwelik, verfoeilik; **um drama/romance execrável** — 'n hopelose drama/roman
execução *(f.)* — uitvoering; teregstelling; **execução de um devedor** — likwidasie; **execução das leis** — toepassing van die wet
executante *(m., f.)* — uitvoerende musikus
executar — om uit/deur te voer, toe te pas; om tereg te stel; **executar uma sentença** — om 'n vonnis te voltrek; **os actores executam bem os seus papéis** — die akteurs vertolk hul rolle goed
executável — uitvoerbaar, deurvoerbaar
executivo, -va — uitvoerend; **poder** *(m.)* **executivo** — uitvoerende mag
executor *(m.)* — voltrekker; eksekuteur
exegese *(f.)* — eksegese
exegeta *(m.)* — eksegeet
exemplar — voorbeeldig; *(subst.)* *(m.)* eksemplaar, voorbeeld
exemplificação *(f.)* — toeligting met voorbeelde
exemplificar — om met voorbeelde toe te lig
exemplo *(m.)* — voorbeeld, eksempel; les *(fig.)*, waarskuwing; **a exemplo de** — in navolging van, soos; **por exemplo** — byvoorbeeld
exéquias *(f. pl.)* — begrafnis, laaste eerbewys
exequível — uitvoerbaar; wat toegepas/uitgevoer moet word
exercer — om uit te oefen; **exercer medicina** — om die geneeskunde te beoefen
exercício *(m.)* — oefening; uitoefening; boekjaar; *(mil.)* eksersisie; **exercício da medicina** — beoefening van die geneeskunde; **entrar em exercício** — om diens te aanvaar, werksaam te word; **fazer exercícios** — om oefeninge te doen; *(mil.)* om te ekserseer
exercitar — om te oefen; **exercitar o corpo** — om liggaamsoefeninge te doen
exército *(m.)* — leër; **exército permanente** — staande mag
exibição *(f.)* — ekshibisie, uitstalling; pronkery; **a exibição do passaporte é obrigatória** — paspoorte moet getoon word
exibicionismo *(m.)* — ekshibisionisme
exibicionista *(m., f.)* — ekshibisionis; *(adj.)* ekshibisionisties
exibir — om uit te stal; om te toon; *(fig.)* om te pronk met
exigência *(f.)* — eis, vereiste; vordering
exigente — veeleisend
exigir — om te eis, te vereis; om 'n vordering in te stel
exiguidade *(f.)* — kleinheid; beknoptheid; onbeduidendheid
exíguo, -ua — klein, gering; ontoereikend
exilar — om te verban
exílio *(m.)* — ballingskap, verbanning
exímio, -ia — hoogstaande, voortreflik
eximir — om te bevry, te onthef
existência *(f.)* — bestaan, lewe; **existência duma loja** — voorraad van 'n winkel
existencial — eksistensieel
existencialismo *(m.)* — eksistensialisme
existencialista *(m., f.)* — eksistensialis; *(adj.)* eksistensialisties
existente — bestaande
existir — om te bestaan
êxito *(m.)* — sukses; **este livro teve um grande êxito** — hierdie boek het opspraak verwek

Exmo., -ma — afkorting van **Excelentíssimo, -ma**
êxodo *(m.)* — uittog; Exodus
exoneração *(f.)* — ontheffing, vrystelling; ontslag; **pedido** *(m.)* **de exoneração** — aansoek om vrystelling
exonerar — om te onthef, vry te stel; om af te dank
exorar — om te smeek, te bid
exorbitância *(f.)* — buitensporigheid
exorbitante — buitensporig
exorbitar — om te oorskry
exorcismar — om duiwels uit te dryf, te ban; **exorcismar um possesso** — om 'n duiwel uit 'n besetene te dryf
exorcismo *(m.)* — eksorsisme, beswering, duiwelbanning
exorcista *(m., f.)* — besweerder, duiwelbanner
exorcizar — vide: **exorcismar**
exórdio *(m.)* — aanhef
exortação *(f.)* — aansporing; vermaning
exortar — om aan te spoor; om te vermaan
exotérico, -ca — eksoteries
exótico, -ca — eksoties, uitheems; *(coll.)* eienaardig, snaaks
exotismo *(m.)* — eksotisme
expandir — om uit te sprei; **expandir-se** — om uit te brei; om ver te strek
expansão *(f.)* — ekspansie, uitbreiding; uitsetting; **expansão do comércio** — ontwikkeling van die handel
expansionismo *(m.)* — ekspansiepolitiek
expansivo, -va — ekspansief; mededeelsaam
expatriação *(f.)* — ekspatriasie, emigrasie
expatriar — om te ekspatrieer, te emigreer
expectação *(f.)* — verwagting; **satisfazer à expectação** — om aan die verwagtinge te voldoen; **um rapaz de grande expectação** — 'n baie belowende seun
expectativa *(f.)* — waarskynlikheid; **viver na expectativa** — om in die verwagting te lewe; **estar na expectativa de um bom emprego** — om 'n goeie pos in die vooruitsig te hê
expectoração *(f.)* — ekspektorasie
expectorar — om te ekspektoreer
expedição *(f.)* — ekspedisie; versending; **a expedição de Xerxes contra a Grécia** — Xerxes se veldtog teen Griekeland
expedicionário, -ia — ekspedisie-; *(subst.)* ekspedisielid; soldaat
expediente *(m.)* — hulpmiddel, uitweg; administrasiekantoor; **fértil em expedientes** — vindingryk; **horas** *(f. pl.)* **de expediente** — kantoorure; **viver de expedientes** — om van skelmstreke te lewe
expedir — om te versend; om te stuur; **expedir ordens** — om bevele uit te reik; **o juiz expediu o processo** — die regter het die saak bespoedig
expedito, -ta — vlot, fluks
expelir — om uit te stoot; om uit te werp; **expelir injúrias** — om beledigings kwyt te raak
expender — om uiteen te sit
expensas, a ... — op koste van; ten koste van
experiência *(f.)* — eksperiment; ondervinding, belewenis
experiente — ervare, kundig
experimentação *(f.)* — proefneming
experimental — eksperimenteel; proef-
experimentar — om te eksperimenteer; om te toets; om te ondervind, te beleef; **experimentar sapatos/vestidos** — om skoene/klere aan te pas
experto, -ta — ervare, ryp; deskundig
expiação *(f.)* — boetedoening
expiar — om te boet vir
expiatório, -ia — soen-; **bode** *(m.)* **expiatório** — sondebok
expiração *(f.)* — uitaseming; verstryking; **data** *(f.)* **de expiração** — vervaldatum
expirar — om uit te asem; om te sterf; om te verstryk
explanação *(f.)* — verduideliking, toelig-ting
explanar — om te verduidelik, toe te lig
explanatório, -ia — verduidelikend
expletivo, -va — ekspletief
explicação *(f.)* — verduideliking; eksplikasie; **explicação de texto** — teksontleding
explicador *(m.)* — privaatdosent
explicar — om te verduidelik; **explicar um livro** — om 'n boek te ontleed; **explicar-se com alguém** — om sake met iemand reg te stel
explicativo, -va — verklarend
explícito, -ta — uitdruklik, eksplisiet
explodir — om te ontplof
exploração *(f.)* — eksplorasie, verkenning; eksploitasie, uitbuiting
explorador, -ra — ontdekkings-; *(med.)* ondersoekings-, proef-; *(subst.)* *(m.)* ontdekkingsreisiger, verkenner
explorar — om te eksploreer, te verken; om te eksploiteer, uit te buit
explosão *(f.)* — ontploffing; **explosão de dor** *(fig.)* — algemene geweeklag
explosiva *(f.)* — eksplosief, plofklank

explosivo, -va — eksplosief, ontplofbaar; *(subst.) (m.)* plofstof; **mistura** *(f.)* **explosiva** — plofmengsel
expoente *(m.)* — eksponent; petisionaris
exponente *(m.)* — vide: **expoente**
expor — om te eksponeer, uiteen te sit; om te eksposeer, uit te stal; om bloot te lê; *(phot.)* om te belig; **expor crianças** — om kinders te vondeling te lê; **expor-se** — om jou bloot te stel
exportação *(f.)* — uitvoer, eksport
exportador *(m.)* — uitvoerder, eksporteur
exportar — om uit te voer, te eksporteer
exportável — uitvoerbaar, eksporteerbaar
exposição *(f.)* — eksposisie, tentoonstelling, uitstalling; uiteensetting; *(phot.)* beligtingstyd
expositor *(m.)* — uitstaller, tentoonsteller
exposto, -ta — geëksponeer, uiteengesit; **o prédio é exposto ao norte** — die gebou het 'n noordelike aansig
expressão *(f.)* — uitdrukking; uiting; **Groot Constantia é a expressão mais elevada do estilo holandês na Cidade do Cabo** — Groot Constantia is die beste voorbeeld van die Kaaps-Hollandse boustyl
expressar — om uit te druk, weer te gee
expressionismo *(m.)* — ekspressionisme
expressionista *(m., f.)* — ekspressionis; *(adj.)* ekspressionisties
expressividade *(f.)* — ekspressiwiteit
expressivo, -va — ekspressief, veelseggend
expresso, -sa — uitdruklik; uitgedruk; **café** *(m.)* **expresso** — ekspressokoffie; **comboio** *(m.)* **expresso** — sneltrein; **correio** *(m.)* **expresso** — spoedpos
exprimir — om uit te druk, te uiter, weer te gee; **exprimir uma opinião** — om 'n mening uit te spreek
expropriação *(f.)* — onteiening, ekspropriasie
expropriar — om te eksproprieer, te onteien
expugnação *(f.)* — verowering
expugnar — om te verower
expugnável — blootgestel aan verowering
expulsão *(f.)* — uitsetting, verdrywing
expulsar — om uit te sit, te verdryf
expulso, -sa — uitgesit, verdryf
expulsório, -ia — uitsit-, uitsettings-
expurgação *(f.)* — ekspurgasie; plaagbestryding; *(med.)* skoonmaak (van wond)
expurgar — om te suiwer; om te ekspurgeer; *(med.)* om ('n wond) skoon te maak
expurgatório, -ia — suiwerend; **índice** *(m.)* **expurgatório** — lys van verbode boeke
expurgo *(m.)* — suiwering (ook in die politiek)
exsudação *(f.)* — afskei van vog; sweet
exsudar — om af te skei
êxtase *(m.)* — ekstase
extasiar — om in vervoering te bring; **extasiar-se** — om in ekstase te raak
extático, -ca — ekstaties
extemporaneidade *(f.)* — ontydigheid
extemporâneo, -ea — onvoorberei(d); ontydig
extensão *(f.)* — wydte, oppervlak; uitbreiding, bylyn; **por extensão** — in die breër sin
extensível — rekbaar
extensivo, -va — uitgebrei(d), ekstensief; toepaslik
extenso, -sa — wyd, uitgerek; **por extenso** — voluit
extensor, -ra — uitrek-; **músculo** *(m.)* **extensor** — strekspier, ekstensor
extenuação *(f.)* — totale uitputting
extenuante — uitputtend
extenuar — om uit te put
exterior — uiterlik, buite-; *(subst.) (m.)* buitekant; voorkoms; **do exterior** — van buite; **notícias** *(f. pl.)* **do exterior** — buitelandse nuus
exterioridade *(f.)* — buitekant, voorkoms; *(pl.)* uitwendige aspek
exteriorização *(f.)* — uiting
exteriorizar — om te uiter
exterminação *(f.)* — uitroeiing
exterminador, -ra — vernietigend; **anjo** *(m.)* **exterminador** — doodsengel
exterminar — om uit te roei
extermínio *(m.)* — uitroeiing, vernietiging; **guerra** *(f.)* **de extermínio** — vernietigingsoorlog
externato *(m.)* — dagskool
externo, -na — ekstern, uitwendig, uiterlik; **aluno** *(m.)* **externo** — dagskolier
exterritorialidade *(f.)* — eksterritorialiteit
extinção *(f.)* — blussing; uitsterwing
extinguir — om te blus; om uit te roei; **extinguir a sede** — om die dors te les; **extinguir-se** — om te verdof, uit te sterf; **o avô extinguiu-se calmamente** — die oupa het saggies ontslaap
extinto, -ta — uitgesterf; dof; **o extinto senhor Carlos Bento** — wyle mnr. Carlos Bento
extintor *(m.)* — blusser
extirpação *(f.)* — uitroeiing, ekstirpasie
extirpador *(m.)* — skoffelploeg
extirpar — om met wortel en tak uit te roei; om uit te delg

extorquir — om uit te pers *(fig.)*; om af te dwing
extorsão *(f.)* — uitpersing *(fig.)*, oordrewe eis
extorsionário, -ia — uitpers- *(fig.)*; *(subst.)* *(m.)* afperser
extra — ekstra, bykomend
extracção *(f.)* — ekstraksie, ontginning; *(med.)* verwydering; **extracção da lotaria** — loting; **extracção da raiz cúbica** — kubiekworteltrekking; **homem** *(m.)* **de baixa extracção** — man van lae afkoms
extracto *(m.)* — ekstrak; uittreksel; **extracto de conta** — bankstaat
extradição *(f.)* — ekstradisie, uitlewering
extraditar — om uit te lewer
extrair — om te ekstraheer; *(med.)* om te verwyder; **extrair um dente** — om 'n tand te trek; **extrair o suco** — om die sap uit te pers; **extrair a raiz** — om die wortel te trek
extraordinário, -ia — buitengewoon, sonderling
extrato *(m.)* *(Bras.)* — vide: **extracto**
extravagância *(f.)* — buitensporigheid, uitspattigheid
extravagante — uitspattig, buitensporig
extravasar — om oor te loop
extraviar — om te mislei; om te verlei; om te verduister *(fig.)*; **extraviar-se** — om af te dwaal; om weg te raak
extravio *(m.)* — verlies (van posstukke); verduistering *(fig.)*; sedelike verval
extremar — om te verheerlik; **extremar-se nas letras** — om in die lettere te presteer; **extremar-se no piano** — om jou klavierspel te perfeksioneer
extrema-unção *(f.)* — heilige oliesel
extremidade *(f.)* — ekstremiteit, eindpunt; *(pl.)* ledemate
extremismo *(m.)* — ekstremisme
extremista *(m., f.)* — ekstremis
extremo, -ma — uiterste; *(subst.)* *(m.)* hoogste graad; eindpunt; **estar no extremo** — om in die uiterste nood te verkeer; **hora** *(f.)* **extrema** — laaste uur; **em extremo** — uiters
Extremo-Oriente *(m.)* — Verre Ooste
extremoso, -sa — uiters liefdevol
extrínseco, -ca — ekstrinsiek
extrospecção *(f.)* — ekstrospeksie
extroversão *(f.)* — ekstroversie
extrovertido, -da — ekstrovers
exuberância *(f.)* — weligheid; *(fig.)* uitgelatenheid
exuberante — welig, ruig; uitgelate; **estilo** *(m.)* **exuberante** — woorderyke styl
exuberar — om volop te wees
exultação *(f.)* — gejubel, jubilasie
exultante — jubelend
exultar — om te jubel
exumação *(f.)* — opgrawing
exumar — om op te grawe; *(fig.)* om op te diep *(fig.)*

F

fá *(m.)* *(mus.)* — F; **fá maior** — F-majeur; **fá menor** — F-mineur; **fá sustenido** — F kruis
fã *(m., f.)* *(coll.)* — liefhebber, bewonderaar, „fan"
fábrica *(f.)* — fabriek
fabricação *(f.)* — vervaardiging
fabricante *(m., f.)* — vervaardiger, fabrikant
fabricar — om te fabriseer, te vervaardig; *(fig.)* om te bewerkstellig
fabrico *(m.)* — vervaardiging, produksie
fabril — fabriek(s)-, vervaardigend
fábula *(f.)* — fabel
fabulação *(f.)* — vertelling; versinsel
fabular — om fabels te vertel; om te lieg
fabulário *(m.)* — fabelversameling
fabulista *(m., f.)* — fabeldigter
fabuloso, -sa — fabelagtig, fabuleus; **animal** *(m.)* **fabuloso** — fabeldier
faca *(f.)* — mes; **entrar na faca** *(Bras.)* *(coll.)*, **ir à faca** *(coll.)* — om onder die mes deur te loop *(coll.)*; **pôr a faca aos peitos de alguém** — om die mes op iemand se keel te sit; **ter a faca e o queijo na mão** — om die hef in die hand te hê
facada *(f.)* — messteek
facalhão *(m.)* — groot mes
façanha *(f.)* — heldedaad, kordaatstuk; gruweldaad
façanheiro, -ra — heldhaftig; grootpraterig
façanhoso, -sa — wonderbaar
façanhudo, -da — nors, onvriendelik
facão *(m.)* — groot mes
facção *(f.)* — faksie
facciosidade *(f.)*, **facciosismo** *(m.)* — sektegees, sekteywer
faccioso, -sa — oproerig, tweedragtig; sektaries; *(subst.)* *(m.)* sektariër

face *(f.)* — gesig; *(geom.)* vlak; **à/em face de** — voor; **em face do mundo** — in die openbaar; **face a face** — van aangesig tot aangesig; **fazer face** — om uitsig te hê op; om die hoof te bied; **lançar à face** — om kaalkop te vertel
facécia *(f.)* — kwinkslag, grappigheid
faceirar *(Bras.)* — om opsigtig aan te trek; om gekunsteld te wees
faceirice *(f.)* — gekunsteldheid; *(Bras.)* opsigtigheid
faceiro, -ra — eenvoudig, simpel; *(Bras.)* opgesmuk
faceta *(f.)* — faset
facetar — om in fasette te slyp
faceto, -ta — grappig
fachada *(f.)* — fasade; *(fig.)* voorkoms, uiterlike
facho *(m.)* — fakkel
facial — gesig(s)-
fácies *(m.)* — gelaatsvorm
fácil — maklik
facilidade *(f.)* — maklikheid; gemak
facílimo, -ma — baie maklik
facilitar — om te vergemaklik
facinora *(m.)* — misdadiger
factício, -ia — kunsmatig
factitivo, -va — faktitief, kousatief
factível — moontlik, doenlik
facto *(m.)* — feit; **de facto** — in feite, inderdaad; **estar ao facto de** — om vertroud te wees met; **chegar a vias de facto** — om handgemeen te raak
factor *(m.)* — faktor
factura *(f.)* — faktuur; maak, maaksel
facturar — om te faktureer, in rekening te bring
faculdade *(f.)* — fakulteit; vermoë
facultar — om te veroorloof; om oop te stel
facultativo, -va — opsioneel, fakultatief
facúndia *(f.)* — vlotheid van spraak
facundo, -da — woorderyk; welbespraak
fada *(f.)* — fee; **contos** *(m. pl.)* **de fadas** — sprokies; **cá e lá más fadas há** — niks is volmaak nie
fadado, -da — voorbestem(d)
fadar — om voor te bestem; om te voorspel; **Deus te fade bem** — mag God jou seën
fadário *(m.)* — lot; stryd
fadiga *(f.)* — moegheid, vermoeidheid; *(pl.)* inspanning, geswoeg
fadigar — vide: **fatigar**
fadista *(m., f.)* — fadosanger; *(m.)* woestaard
fado *(m.)* — noodlot; fado
faetonte *(m.)* — koets, faëton
fagote *(m.)* — fagot; **ir aos fagotes a alguém** *(coll.)* — om iemand 'n loesing te gee
fagueiro, -ra — teer; aangenaam, strelend
fagulha *(f.)* — vonk; *(m., f.)* energieke mens
faia *(f.)* — boekenhout
faia *(m.)* — „eendstert"
faiança *(f.)* — faïence (erdeware)
faina *(f.)* — werk
faisão *(m.)* — fisant
faísca *(f.)* — vonk; weerligstraal
faiscante — vonkelend, skitterend
faiscar — om te vonk; om te blits, te vonkel
faixa *(f.)* — strook; serp
fajardice *(f.)* — skelmstreek
fajardo *(m.)* — skelm
fala *(f.)* — spraak; **chegar às falas/ter falas com** — om woorde te hê (met)
falácia *(f.)* — wanindruk, wanbegrip
falador, -ra — praatsugtig; *(subst.)* babbelbek
falange *(f.)* — falanks; vinger-/toonbeentjie; *(fig.)* legioen, menigte; **Falange** *(f.)* — politieke party van Generaal Franco
falangeta *(f.)* — eerste vingerlit
falanginha *(f.)* — tweede vingerlit
falangista *(m., f.)* — lid van die Spaanse Falange (politieke party)
falante — wat praat
falar — om te praat; **falar alto/baixo** — om hard/sag te praat; **falar claro** — om duidelik/reguit te praat; **falar com o coração nas mãos** — om uit die hart te praat; **falar entre dentes** — om te mompel; **falar por falar** — om te praat ter wille van praat; **falar em nome de** — om namens iemand te praat; **falar de papo** — om groot te praat; **falar à toa/falar a torto e a direito** — om onsin te praat; **dar que falar** — om aan die praat te sit
falatório *(m.)* — tonggeklap *(fig.)*
falaz — misleidend, bedrieglik
falcão *(m.)* — valk
falcatrua *(f.)* — bedrog
falciforme — sekelvormig
falcoaria *(f.)* — kuns van valkejag
falcoeiro *(m.)* — valkenier
falda *(f.)* — onderste berghang
faldistório *(m.)* — biskop se voustoel
falecer — om heen te gaan, te sterf; **nunca vos falecerei** — ek sal julle nooit in die steek laat nie; **falece o trigo** — koring is skaars
falecido, -da — wyle; *(subst.)* oorledene

falecimento *(m.)* — heengaan, oorlyde; **falecimento de forças** — gebrek aan krag
falência *(f.)* — bankrotskap, ineenstorting; **abrir falência** — om jou bankrot te verklaar
falha *(f.)* — kraak; defek; gebrek; *(geol.)* breuk
falhar — om te splits, te kloof; **falhar na sua obrigação** — om jou plig te versuim; **o projecto falhou** — die plan het misluk; **o tiro falhou** — die skoot was mis
falho, -lha — defek; onvolkome; misluk; **estou falho de coragem** — dit ontbreek my aan moed
falibilidade *(f.)* — feilbaarheid
falido, -da — bankrot
falir — om bankrot te speel
falível — feilbaar
falo *(m.)* — fallus
falsário *(m.)* — vervalser
falseamento *(m.)* — vervalsing
falsear — om te mislei; om te verdraai; om vals te klink
falsete *(m.)* — falset
falsidade *(f.)* — valsheid; geveinsdheid; falsiteit *(jur.)*
falsificação *(f.)* — vervalsing; vervalste artikel; falsifikasie
falsificador *(m.)* — vervalser
falsificar — om te vervals
falso, -sa — vals; verkeerd; misleidend; **ataque** *(m.)* **falso** — skynaanval; **em falso** — tevergeefs; **jurar falso** — om meineed te pleeg
falta *(f.)* — fout, flater; gebrek; **dar uma falta** — om afwesig te wees; **fazer falta** — om te ontbreek; **sem falta** — beslis; **sentir a falta de** — om te mis
faltar — om te ontbreek; **faltar a** — om te versuim; **faltar a alguém** — om iemand in die steek te laat; **faltar à aula** — om stokkies te draai
falto, -ta — wat ontbreek (aan); sonder; **falto de honra** — eerloos
falua *(f.)* — rivierboot
fama *(f.)* — roem; **ter fama de** — om bekend te staan as; **é fama que** — dit is bekend dat; **cria fama e deita-te a dormir** — moenie op jou louere rus nie
famelga *(m., f.)* *(coll.)* — familie
famélico, -ca — uitgehonger
famigerado, -da — beroemd; berug
família *(f.)* — gesin; familie
familiar — bloedverwant; familie-; vertroud
familiaridade *(f.)* — vertroudheid; intimiteit
familiarizar — om vertroud te maak
faminto, -ta — uitgehonger; **faminto de glória** — eersugtig
famoso, -sa — beroemd, fameus
fâmulo *(m.)* — famulus, gedienstige
fanar — om te verwelk
fanático, -ca — fanatiek, fanaties; *(subst.)* *(m.)* fanatikus
fanatismo *(m.)* — fanatisme
fanatizar — om op te sweep
fancaria *(f.)* — tekstielwinkel; **obra** *(f.)* **de fancaria** — knoeiwerk
fandango *(m.)* — fandango
fandangueiro *(m.)* — fandango-danser
fanfarra *(f.)* — fanfare
fanfarrão *(m.)* — windmaker; *(adj.)* grootpraterig
fanfarrear — om windmakerig te wees
fanfarrice *(f.)* — windmakerigheid
fanfarronada *(f.)* — pralery, windmakery
fanfarronar — om windmakerig te wees, groot te praat
fanhoso, -sa — wat deur die neus praat
fanico *(m.)* — splinter, skerf; **andar no fanico** *(coll.)* — om los werkies te doen; om rond te loop *(fig.)*; **ter um fanico** — om die stuipe te kry *(fig.)*
faniqueiro *(m.)* *(coll.)* — los werker
fanqueiro *(m.)* — tekstielwinkelier
fantasia *(f.)* — fantasie, verbeeldingskrag; gril, gier; *(Bras.)* fantasiekostuum
fantasiador, -ra — fantasieryk; *(subst.)* fantas
fantasiar — om uit te dink, te versin; om te improviseer; **fantasiar-se** *(Bras.)* — om jou te masker
fantasioso, -sa — verbeeldingryk
fantasista — grillig
fantasma *(m.)* — spook, fantasma
fantasmagoria *(f.)* — fantasmagorie, towerbeeld
fantasmagórico, -ca — fantasmagories, skyn-
fanstástico, -ca — fantasties; onwerklik
fantochada *(m.)* — poppespel; *(fig.)* verspottigheid
fantoche *(m.)* — marionet
faqueiro *(m.)* — eetgerei, messegoed
faquir *(m.)* — fakir
faquista *(m., f.)* — messteker
farândola *(f.)* — Provensaalse dans; *(coll.)* boewebende
faraó *(m.)* — Farao
faraónico, -ca — Faraonies
farda *(f.)* — uniform, drag; livrei; **farda de serviço** — diensuniform

fardagem *(f.)* — bondels
fardamenta *(f.)* *(Bras.)*, **fardamento** *(m.)* — uniform, skooldrag
fardar — om van 'n uniform te voorsien; **fardar-se** — om jou uniform aan te trek
fardeta *(f.)* — diensuniform
fardo *(m.)* — bondel; *(fig.)* las
farejar — om te snuffel; om te besnuffel; *(fig.)* om 'n voorgevoel te hê
farelo *(m.)* — semels
farfalhada *(f.)* — gesuis; lawaai; *(fig.)* twak
farfalhar — om te suis; om te druis; *(fig.)* om twak te praat
farfalhudo, -da — oorlade, geswolle
faringe *(f.)* — keel(holte)
faringite *(f.)* — keelontsteking
farinha *(f.)* — meel(blom); **não fazer farinha com** — om geen hond haaraf te maak nie; **ser da mesma farinha** — om op dieselfde lees geskoei te wees
farinhento, -ta — melerig
farisaico, -ca — farisees; Farisees
fariseu *(m.)* — Fariseër; fariseër, huigelaar
farmacêutico, -ca — aptekers-, farmaseuties; *(subst.)* *(m.)* apteker
farmácia *(f.)* — apteek; aptekerswese, farmasie
farmacologia *(f.)* — farmakologie
farmacopeia *(f.)* — farmakopee, reseptboek vir aptekers
farnel *(m.)* — padkos
faro *(m.)* — reuksin (van diere)
farofa *(f.)* *(Bras.)* — Brasiliaanse krummelpap van maniok; *(coll.)* beuselagtigheid, twak
farofeiro, -ra — grootpraterig
farófia *(f.)* — meringue; *(fig.)* beuselagtigheid; kafpraatjies
farol *(m.)* — vuurtoring; koplig; ligbaken; **farol de posição** — parkeerlig, posisielig; **fazer farol** — om te spog
faroleiro *(m.)* — vuurtoringwagter; *(coll.)* grootbek
farolim *(m.)* — liggie, parkeerliggie
farpa *(f.)* — weerhaak; hekelnaald; steekpen vir stiergeveg; **farpa de madeira** — houtsplinter
farpado, -da — van weerhake voorsien; **arame** *(m.)* **farpado** — doringdraad; **língua** *(f.)* **farpada** — gesplete tong; *(fig.)* feeks
farpão *(m.)* — harpoen; spies
farpar — om van weerhake te voorsien; om te verskeur
farpear — om die stier met die steekpenne te tart
farra *(f.)* — fuifparty; **fazer farra** — om jolyt te maak
farraparia *(f.)* — hoop lappe/vodde
farrapo *(m.)* — lap; *(pl.)* vodde
farrear — om te jol
farroupilha *(m., f.)* — boemelaar
farrusco, -ca — vol roet
farsa *(f.)* — klug
farsada *(f.)* — paskwil
farsalhão *(m.)* — swak klug
farsante *(m., f.)* — klugspeler; grapmaker, kansvatter
fartar — om te stil, te les, te versadig; om te vervul; om te walg
farto, -ta — sat; versadig; **farto de** — siek en sat vir; **casa** *(f.)* **farta** — goed voorsiene huis; **terreno** *(m.)* **farto** — vet grond; **à farta** — volop
fartura *(f.)* — oorvloed; Portugese pannekoek
fasciculo *(m.)* — aflewering, deel
fascinação *(f.)* — betowering, bekoring, fassinering
fascinador, -ra, fascinante — fassinerend, boeiend
fascinar — om te fassineer, te boei, te betower
fascismo *(m.)* — Fascisme
fascista *(m., f.)* — Fascis; *(adj.)* Fascisties
fase *(f.)* — fase, stadium
fasquia *(f.)* — lat
fasquiar — om in latte te saag
fastidioso, -sa — vervelig, lastig
fastiento, -ta — aptytloos; smaakloos, onaantreklik
fastígio *(m.)* — nok; **no fastígio da glória** — op die toppunt van roem
fastio *(m.)* — aptytloosheid; weersin
fasto *(m.)* — weelde
fastos *(m. pl.)* — annale
fastoso, -sa, fastuoso, -sa — weelderig
fatal — fataal, noodlottig; **mulher** *(f.)* **fatal** — verleidster
fatalidade *(f.)* — fataliteit, noodlottigheid
fatalismo *(m.)* — fatalisme
fatalista *(m., f.)* — fatalis; *(adj.)* fatalisties
fateixa *(f.)* — werpanker
fatia *(f.)* — sny; **do pão do nosso compadre grossa fatia ao nosso afilhado** — anderman se rieme is breed
fatídico, -ca — onheilspellend, onheils-
fatigado, -da — moeg
fatigante — vermoeiend
fatigar — om moeg te maak, te vermoei; **fatigar-se** — om moeg te word
fatitivo, -va *(Bras.)* — vide: **factitivo**
fato *(m.)* — pak (klere); trop skape/bokke; **fato de banho** — swemklere, baaibroek; **fato de ver a Deus** — kerkklere; **o la-**

vrador deslocou-se com todo o seu fato — die boer het met hawe en goed verhuis

fato *(m.) (Bras.)* — vide: **facto**

fator *(m.) (Bras.)* — vide: **factor**

fatuidade *(f.)* — selfvoldaanheid

fátuo, -ua — selfvoldaan; onkundig, onnosel

fatura *(f.)*, **faturar** *(Bras.)* — vide: **factura, facturar**

fauce *(f.)* — keelholte; *(pl.)* bek

faúlha *(f.)* — vide: **fagulha**

fauna *(f.)* — fauna, dierewêreld, dierebevolking

fauno *(m.)* — bosgod

fausto, -ta — gunstig; *(subst.) (m.)* prag, weelde; **aniversário** *(m.)* **fausto** — feestelike herdenking; **época** *(f.)* **fausta** — voorspoedige tydvak

fautor *(m.)* — voorstander

fava *(f.)* — boerboontjie; **apanhar uma fava preta** — om nie (daarin) te slaag nie; **são favas contadas** — doodseker; **vá/vai à fava!** *(coll.)* — gaan bars, man!

faval *(m.)* — boerboontjieland; **ir ao faval a alguém** *(coll.)* — om iemand 'n loesing te gee

favela *(f.) (Bras.)* — plakkersdorp, krotbuurt

favo *(m.)* — heuningkoek

favor *(m.)* — guns; **a favor de** — ten gunste van; **dever favores a alguém** — om iemand dank verskuldig te wees; **entrada** *(f.)* **de favor** — komplimentêre kaartjie; **estar no favor de** — om by iemand in die guns te staan; **fazer um favor a** — om 'n guns te bewys; **por favor/se faz favor** — asseblief; **recebi o seu favor de 15 de Fevereiro** — ek erken ontvangs van u brief van 15 Februarie

favorável — gunstig, voordelig; gunstig gesind

favorecer — om te begunstig; om te ondersteun; **favoreça-me com a sua ausência** — gaan asseblief weg

favorita *(f.)* — minnares, lieflingsvrou

favoritismo *(m.)* — voortrekkery, boetieboetiebesigheid

favorito, -ta — lieflings-, geliefkoosde; *(subst.) (m.)* gunsteling

faxina *(f.)* — binnediens *(mil.)*; **estar de faxina** — om op diens te wees

faxineiro *(m.)* — soldaat op binnediens

fazenda *(f.)* — materiaal, stof; *(Bras.)* plaas; **Fazenda Nacional** — Staatstesourier; Beheerraad van Staatseiendom

fazendeiro *(m.) (Bras.)* — boer

fazendola *(f.) (Bras.)* — plasie

fazer — om te doen; om te maak; **fazer cair/rir/sofrer, etc.** — om te laat val/lag/ly, ens.; **fazer água** — om te lek; **fazer a barba** — om te skeer; **fazer bem** — om goed te doen; **fazer um brinde** — om 'n heildronk in te stel; **fazer caretas** — om gesigte te trek; **fazer cócegas** — om te kielie; **fazer compaixão** — om medelye te wek; om betreurenswaardig te wees; **fazer compras** — om inkopies te doen; **fazer uma conta** — om 'n rekening uit te maak; om te reken; **fazer de conta que** — om voor te gee dat; **fazer escala** — om ('n hawe) aan te doen; **fazer espécie** — om agterdog te wek; **fazer um exame** — om 'n eksamen af te lê; om te ondersoek; **fazer falta** — om te ontbreek; **fazer ferro** — om te erger; **fazer festas** — om te streel, te liefkoos; **fazer fogo** — om te vuur, los te brand; **fazer frente a** — om te trotseer, die hoof te bied; **fazer inveja** — om afguns te wek; **fazer juramento** — om te sweer; om 'n eed af te lê; **fazer mal** — om sleg te doen, te mishandel; **o vinho verde faz-me mal** — die jong wyn is sleg vir my; **fazer muito caso de** — om 'n ophef te maak van; **fazer pouco caso de** — om gering te ag; **fazer uma oferta** — om 'n geskenk te gee; om te tender; om 'n aanbod te maak; **fazer de parvo/fazer-se parvo** — om jou dom te hou; **fazer as pazes** — om vrede te maak/te sluit; **fazer em pedaços** — om stukkend te skeur, flenters te breek; **fazer por** — om te probeer, te poog; **fazer pouco de** — om uit te lag; **fazer quarentena** — om onder kwarantyn te wees; **fazer saltar** — om op te blaas, te laat ontplof; **fazer sentinela** — om brandwag te staan; **fazer das suas** — om stout te wees; **fazer troça de** — om te bespot, gek te skeer met; **fazer-se à vela** — om onder seil te gaan, te vertrek; **fazer uma visita** — om te kuier; **que tempo faz?** — hoe is die weer?; **faz calma/calor/claro/escuro/frio/lua/sol/vento/trovoada** — dit is bladstil / warm / mooiweer / donker / koud/maanlig/sonnig/winderig/stormagtig; **faz chuva** — dit reën; **faz bom/mau tempo** — dit is mooi/slegte weer; **faz um tempo péssimo** — die weer is ellendig; **faz fumo** — dit rook; **faz-se tarde** — dit word laat

fazível — doenlik, uitvoerbaar
faz-tudo *(m.)* — man van baie ambagte; algemene werksman, faktotum
fé *(f.)* — geloof; **dar fé** — om op te merk; **dar fé a** — om te glo; **jurar fé** — om trou te sweer; **ter fé em** — om te vertrou, vertroue te hê in; om te glo in; **à falsa fé** — verraderlik; **de boa fé/de má fé** — te goeder trou/te kwader trou
fealdade *(f.)* — lelikheid
febo *(m.)* — songod
febra *(f.)* — lekker happie vleis; **ela é uma boa febra** *(coll.)* — sy is 'n lekker ding
febrão *(m.)* — hoë koors
febre *(f.)* — koors; **febre amarela** — geelkoors; **a febre do lucro rápido** — geldgierigheid
febricitante — koorsig
febrífugo *(m.)* — koorsmiddel; *(adj.)* koorsdrywend
febril — koorsig, koorsagtig
fecal — fekalies, fekaal
fechado, -da — toe; **automóvel** *(m.)* **fechado** — sedan(motor); **homem** *(m.)* **fechado** — geslote man
fechadura *(f.)* — slot
fechar — om toe te maak, te sluit; **fechar a luz** — om die lig af te skakel; **fechar um negócio** — om 'n saak te beklink; **fechar os olhos** — om die oë te sluit; om te sterf; **fechar a sete chaves** — om agter slot en grendel te sit; **fechar a torneira** — om die kraan toe te draai; **fechar a boca a alguém** — om iemand die mond te snoer
fecho *(m.)* — slot, slotgedeelte
fécula *(f.)* — stysel
fecundação *(f.)* — bevrugting
fecundador, -ra, fecundante — bevrugtend
fecundar — om te bevrug
fecundez *(f.)*, **fecúndia** *(f.)*, **fecundidade** *(f.)* — vrugbaarheid
fecundo, -da — vrugbaar; *(fig.)* vindingryk
fedelho *(m.)* — snuiter
fedentina *(f.)*, **fedentinha** *(f.)* — stank
feder — om te stink; **já me fedem tantos pedidos** — ek is siek en sat vir die baie versoeke
federação *(f.)* — federasie
federado, -da — gefedereer(d)
federal — federaal; **estado** *(m.)* **federal** — bondstaat
federalismo *(m.)* — federalisme
federar — om te federeer
fedor *(m.)* — stank
fedorento, -ta — stinkend
feição *(f.)* — gelaatstrek; manier; **à feição de** — in ooreenstemming met; **de feição que** — so... dat; **encontrei-o hoje de feição para lhe falar no negócio** — ek het hom vandag in die regte luim aangetref om die saak te bespreek; **o tempo está de boa feição** — die weer lyk goed
feijão *(m.)* — boontjie; **feijão verde/feijão carrapato** — groenboontjie
feijoada *(f.)* — Brasiliaanse boontjiegereg
feijoal *(m.)* — boontjieland
feijoeiro *(m.)* — boontjieplant
feio, -ia — lelik
feira *(f.)* — opelug mark; skou; **feira da ladra** — vlooimark
feirante *(m., f.)* — jaarmarkhandelaar
feirar — om markhandel te dryf
feita *(f.)* — geleentheid; manier; **desta/daquela feita** — so, daardeur
feitiçaria *(f.)* — toorkuns; *(fig.)* bekoring
feiticeira *(f.)* — towenares; *(fig.)* bekoorlike vrou
feiticeiro *(m.)* — toordokter; towenaar
feiticismo *(m.)* — fetisjisme
feiticista *(m., f.)* — fetisjis; *(adj.)* fetisjisties
feitiço *(m.)* — toordery; fetisj; *(fig.)* bekoring; **volta-se o feitiço contra o feiticeiro** — wie vir iemand 'n gat graaf, val self daarin
feitio *(m.)* — temperament; snit (van klere), vorm; ontwerp
feito *(m.)* — daad; **feito de armas** — heldedaad
feito, -ta — gedoen, gemaak; **homem** *(m.)* **feito** — volwassene; **negócio** *(m.)* **feito** — beklinkte saak; **que é feito de Joaquim?** — wat het van Joachim geword?
feitor *(m.)* — voorman; plaasbestuurder
feitoria *(f.)* — handelsnedersetting, faktory
feixe *(m.)* — bondel, bossie; *(fig.)* spul
fel *(m.)* — gal; *(fig.)* bitterheid
feldspato *(m.)* — veldspaat
felicidade *(f.)* — geluk, geluksaligheid
felicitação *(f.)* — gelukwensing, felisitasie
felicitar — om geluk te wens, te felisiteer; **felicitar-se de/com** — om in jou skik te wees met
felino, -na — katagtig; *(fig.)* listig, verraderlik
feliz — gelukkig, salig; geslaag(d); **de feliz memória** — in tere herinnering
felizardo *(m.)* *(coll.)* — gelukskind
felonia *(f.)* — troubreuk, skurkery
felpa *(f.)* — pluis, dons
felpudo, -da — donserig, wollerig; **tapete** *(m.)* **felpudo** — langhaarmat

feltro *(m.)* — vilt
fêmea *(f.)* — wyfie
femeeiro *(m.)* — vrouegek
fementido, -da — verraderlik, ontrou
feminil — vroulik
feminilidade *(f.)* — vroulikheid
feminino, -na — vroulik
feminismo *(m.)* — vrouebeweging, feminisme
feminista — feministies; *(subst.)* feminis
femoral — dy-, femoraal
fémur *(m.)* — dybeen, femur
fenda *(f.)* — kraak, bars, skeur; gleufvenster
fender — om te splits, te kloof; *(fig.)* om te klief, te deurploeg; **fender-se** — om te bars
fenecer — om weg te sterf, te vergaan
fenecimento *(m.)* — einde; sterwe
Fenícia *(f.)* — Fenicië
fenício, -ia — Fenicies; *(subst.)* Feniciër
fénico, -ca — fenol-
fénix *(f.)* — feniks
feno *(m.)* — hooi
fenol *(m.)* — fenol
fenomenal — fenomenaal, merkwaardig
fenómeno *(m.)* — fenomeen, verskynsel; wonder
fenomenologia *(f.)* — fenomenologie
fera *(f.)* — roofdier; *(fig.)* wreedaard
féretro *(m.)* — doodkis; begrafnis
fereza *(f.)* — wreedheid
féria *(f.)* — (weeklikse) loon
feriado *(m.)* — openbare vakansiedag
férias *(f. pl.)* — vakansie; **dia** *(m.)* **de férias** — verlofdag, vakansiedag; **férias grandes** — lang vakansie
ferida *(f.)* — wond; **tocar na ferida/pôr o dedo na ferida** — om die vinger op die wond te lê
feridade *(f.)* — vide: **fereza**
ferido, -da — gewond; *(subst.)* *(m.)* gewonde, beseerde
ferimento *(m.)* — wond, besering; verwonding
ferir — om te wond, te beseer; om te krenk
fermentação *(f.)* — fermentasie, gisting
fermentar — om te fermenteer, te gis; *(fig.)* om te broei
fermento *(m.)* — ferment, gisstof; **fermento em pó** — bakpoeier
fero, -ra — wreed
ferocidade *(f.)* — wildheid, wreedheid
feroz — wild, wreed, fel
ferrabrás *(m.)* — grootprater
ferrado, -da — beslaan; **sapato** *(m.)* **ferrado** — Europese bergstewel; **estar ferrado no sono** — om soos 'n klip te slaap
ferradura *(f.)* — hoefyster
ferragem *(f.)* — ysterwerk; hoefbeslag; **loja** *(f.)* **de ferragem** — winkel vir ysterware
ferrão *(m.)* — angel
ferrar — om te beslaan; **ferrar calotes** — om skuld aan te gaan; **ferrar com alguém no chão** — om iemand neer te gooi; **ferrar os dentes** — om die tande in te slaan; **ferrar o galho** *(coll.)* — om te dut; **ferrar petas** — om te lieg; **ferrar com alguém na prisão** — om iemand in die tronk te stop; **ferrar no sono** — om vas aan die slaap te raak
ferraria *(f.)* — ysterwerk; smidswinkel
ferreiro *(m.)* — smid; ysterhandelaar
ferrenho, -nha — hardvogtig
férreo, -ea — yster-; staalhard; **água** *(f.)* **férrea** — ysterhoudende water; **via** *(f.)* **férrea** — treinspoor, spoorlyn
ferrete *(m.)* — brandyster; *(fig.)* brandmerk
ferretear — om te brandmerk; *(fig.)* om diep te tref
ferrinhos *(m. pl.)* — triangel
ferro *(m.)* — yster; swaard; **caminhos** *(m. pl.)* **de ferro** — spoorweë; **ferro batido/forjado** — smee-yster; **ferro de engomar/ferro de passar** — strykyster; **fazer ferro** — om te erger; **malhar em ferro frio** — om jou tyd te mors; **pôr a ferros** — om in kettings te slaan; **a ferro e fogo** — met alle mag; **quem com ferro mata, com ferro morre** — wie die swaard trek, sal deur die swaard val
ferroada *(f.)* — steek
ferrolho *(m.)* — grendel
ferroso, -sa — yster-
ferro-velho *(m.)* — handelaar in tweedehandse goedere
ferrovia *(f.)* — spoorweg
ferroviário, -ia — spoorweg; *(subst.)* *(m.)* spoorwegwerker
ferrugem *(f.)* — roes; roet
ferrugento, -ta — verroes
ferruginoso, -sa — ysterhoudend; roeskleurig
fértil — vrugbaar
fertilidade *(f.)* — vrugbaarheid
fertilização *(f.)* — vrugbaarmaking; bemesting
fertilizante — bevrugtend; *(subst.)* *(m.)* misstof
fertilizar — om vrugbaar te maak; om te bemes
férula *(f.)* *(obs.)* — tugroede; **ter férula** *(fig.)* — om outoritêr op te tree; **sob a**

férula do marquês de Pombal nasceu a indústria portuguesa — onder die outoritêre bewind van die markgraaf Pombal het die Portugese nywerheid ontstaan
fervedoiro *(m.)*, **fervedouro** *(m.)* — borreling; *(fig.)* rusteloosheid; **Beira é um fervedoiro de mosquitos** — Beira is 'n kookpot van muskiete
fervedura *(f.)* — vide: **fervura** *(f.)*
fervente — kokend; *(fig.)* borrelend, vurig; **mar** *(m.)* **fervente** — onstuimige see
ferver — om te kook, te borrel; om te brand *(fig.)*
férvido, -da — brandend *(fig.)*, vurig
fervor *(m.)* — gloed *(fig.)*; geesdrif, ywer
fervoroso, -sa — ywerig, geesdriftig
fervura *(f.)* — kook; *(fig.)* werweling; **deitar água na fervura** — om olie op die water te gooi
festa *(f.)* — fees, feesdag, partytjie; **festa brava** — stiergeveg; **festa rija** — fuifparty; **fazer festas** — om te streel, te liefkoos; **vestido** *(m.)* **de festa** — beste klere; **ele está vestido de festa** — hy is swierig uitgevat
festança *(f.)* — volksfees
festão *(m.)* — blommerangskikking; kroonlys
festeiro *(m.)* — deelnemer aan 'n religieuse optog
festejar — om te vier; om geluk te wens
festejo *(m.)* — viering
festim *(m.)* — feesmaal
festival *(m.)* — feesdag, feestyd; **Festival de Cannes** — Filmfees te Cannes
festividade *(f.)* — feestelikheid; feesvreugde; kerklike fees
festivo, -va — feestelik; **dia** *(m.)* **festivo** — openbare feesdag
fetal — fetaal
fetiche *(m.)*, **fetichismo** *(m.)* — vide: **feitiço, feiticismo**
fétido, -da — stinkend
feto *(m.)* — fetus
feto *(m.)* — varing
feudal — feodaal, leen-
feudalidade *(f.)* — feodaliteit
feudalismo *(m.)* — feodalisme, leenstelsel
feudatário, -ia — leenpligtig; *(subst.)* *(m.)* leenman
feudo *(m.)* — leengoed, leen
Fevereiro *(m.)* — Februarie
fez *(m.)* — fes
fezes *(f. pl.)* — fekalieë, stoelgang; **fezes sociais** — skuim *(fig.)*; **esgotar o cálice da amargura até às fezes** — om die kelk van bitterheid tot die moer te ledig
fiação *(f.)* — spinnery; wewery
fiacre *(m.)* — huurkoets
fiada *(f.)* — ry
fiado, -da — gespin; op skuld verkoop; vol vertroue; *(subst.)* *(m. pl.)* kredietverkope; **a fiado** — op skuld; **conversa** *(f.)* **fiada** *(coll.)* — twakpraatjies
fiador *(m.)* — borg
fiambre *(m.)* — ham
fiança *(f.)* — waarborg; borgtog
fiandeira *(f.)* — weefster; spinster
fiapo *(m.)* — dun garing; **tirar um fiapo** *(Bras.)* *(coll.)* — om 'n blik te werp
fiar — om op krediet te verkoop; om toe te vertrou; **fia-te na Virgem e não corras** — om net te bid, help nie
fiar — om te spin; **fiar uma intriga** — om 'n intrige te weef; **isso fia mais fino** — daar moet ons lig loop
fiasco *(m.)* — fiasko
fibra *(f.)* — vesel; **tocar-lhe nas fibras sensíveis** — om aan 'n teer plekkie te raak *(fig.)*
fibrina *(f.)* — fibrien
fibrinoso, -sa — fibrien-
fibroso, -sa — fibreus, veselig
ficar — om te wees; om te word; om te bly; **ficar bem/mal no exame** — om in die eksamen te slaag/te druip; **o vestido fica bem a Maria** — die rok staan Maria goed; **ficar em águas de bacalhau** — om deur die mat te val; **ficar em casa** — om tuis te bly; **ficar em paz** — om gemoedsrus te hê; **ficar para tia** — om op die rak te sit *(fig.)*; **ficar sem dinheiro/amigos** — om alle geld/vriende te verloor; **ficar solteiro/-ra** — om ongetroud te bly; **fico-me por aqui** — hiermee sal ek volstaan; **ficar-se na casca** — om nooit iets te bereik nie; **fica-te com Deus** — God sy met jou; **em que ficamos?** — en wat nou?; **essa cá me fica** — dit sal bly steek; ek sal dit/jou onthou; **isso fica para amanhã** — môre is nog 'n dag; **aquela noite ficámos em Pretória** — ons het daardie nag in Pretoria oorgebly
ficção *(f.)* — versinsel, fiksie; **ficção científica** — wetenskaplike toekomsroman; **literatura** *(f.)* **de ficção** — romanliteratuur
ficha *(f.)* — (katalogus)kaartjie; speelmunt
fichário *(m.)* *(Bras.)*, **ficheiro** *(m.)* — katalogus
fictício, -ia — fiktief, denkbeeldig
fidalgo, -ga — van adellike geboorte; *(subst.)* edelman, edelvrou

fidalgote *(m.)* — klein edelman
fidalguia *(f.)* — adel, adelstand
fidalguice *(f.)* — kastige adel; aanstellerigheid
fidedigno, -na — vertrouenswaardig
fideicomissário *(m.)* — fideicommissarius; *(adj.)* fideikommissêr
fideicomisso *(m.)* — fideikommis
fidelidade *(f.)* — getrouheid; klankgetrouheid; **jurar fidelidade** — om trou te sweer
fidelíssimo, -ma — baie getrou; **Sua Majestade Fidelíssima** — titel deur die Pous aan die konings van Portugal verleen
fidúcia *(f.)* — waaghalsigheid
fiduciário, -ia — fidusiêr, vertrouens-; **circulação** *(f.)* **fiduciária** — papiergeld
fieira *(f.)* — ry, reeks; ertsaar; **passar à fieira** — om noukeurig na te gaan
fiel — getrou; *(subst.)* *(m.)* opsiener; *(pl.)* gelowiges; **o fiel amigo** *(fig.)* — kabeljou; **fiel de armazém** — magasynmeester; **fiel da balança** — skaalwyser
fífia *(f.)* — kraak (in die stem), vals noot
figa *(f.)* — vyteken (duim tussen eerste twee vingers); **fazer figas** — om onheil af te weer; **não vale uma figa** — dit is niks werd nie
figadal — lewer-; **inimigo** *(m.)* **figadal** — aartsvyand
fígado *(m.)* — lewer; **óleo** *(m.)* **de fígado de bacalhau** — lewertraan; **ter maus fígados** *(fig.)* *(coll.)* — om 'n slegte karakter te hê
figo *(m.)* — vy
figueira *(f.)* — vyeboom
figueira-brava *(f.)* — wildevy
figueiral *(m.)* — vyeboord
figura *(f.)* — figuur; **figura da proa** — boegbeeld; **fazer boa/má figura** — om 'n goeie/slegte indruk te maak; **ir à figura a alguém** *(coll.)* — om iemand 'n drag slae te gee; **o cavaleiro da triste figura** — Don Quichot
figurado, -da — oordragtelik, figuurlik
figurante *(m., f.)* — figurant
figurão *(m.)* — opgeblase kêrel; skelm
figurar — om voor te kom, te verskyn; **figurar de rico** — om jou as ryk uit te gee
figurativo, -va — figuurlik, figuratief
figurino *(m.)* — modetekening; modetydskrif
fila *(f.)* — ry; **cão** *(m.)* **de fila** — waghond; **chefe** *(m.)* **de fila** — leier
filadelfiense — van Philadelphia; *(subst.)* inwoner van Philadelphia
filamento *(m.)* — filament, draad
filantropia *(f.)* — filantropie
filantrópico, -ca — filantropies
filantropo *(m.)* — filantroop
filar — om te pak, te gryp
filária *(f.)* — spoelwurm, draadwurm
filarmónica *(f.)* — blaasorkes
filarmónico, -ca — filharmonies
filatelia *(f.)* — filatelie
filatelista *(m., f.)* — filatelis
fileira *(f.)* — ry, tou; **cerrar fileiras** — om die geledere te sluit; **pau** *(m.)* **de fileira** — nokbalk; **sair das fileiras** — om die leër te verlaat
filete *(m.)* — filet; skroefdraad; *(typ.)* groeperingslyn
filha *(f.)* — dogter
filhar — om gevange te neem; om te verower
filharada *(f.)* — kroos
filho *(m.)* — seun; **Filho do Homem** — Seun van die Mens; **filho natural/bastardo** — onegte kind
filhó*(f.)*, **filhós** *(f. pl.)* — soort koeksister
filiação *(f.)* — name van ouers; aansluiting (by politieke party)
filiado, -da — ingelyf; *(subst.)* lid
filial — filiaal, kinderlik; *(subst.)* *(f.)* filiaal, tak
filiar — om ('n kind) aan te neem; **filiar-se** — om aan te sluit; om te ontstaan
filigrana *(f.)* — filigraan
filipica *(f.)* — filippika, heftige strafrede
filipino, -na — Filippyns; m.b.t. die konings Philip van Spanje en Portugal; *(subst.)* inwoner van die Filippyne
filisteu, -téia — Filistyns; brutaal; *(subst.)* Filistyn; *(m.)* brutale vent
filmagem *(f.)* — verfilming, filmopname
filmar — om te verfilm, op te neem
filme *(m.)* — rolprent, film
filó *(m.)* *(Bras.)* — tulle
filologia *(f.)* — filologie
filólogo *(m.)* — filoloog
filomela *(f.)* — nagtegaal
filosofar — om te filosofeer
filosofia *(f.)* — filosofie, wysbegeerte
filosófico, -ca — filosofies
filósofo *(m.)* — filosoof, wysgeer
filoxera *(f.)* — filloxera, druifluis
filtração *(f.)* — filtrasie
filtrar — om te filtreer
filtro *(m.)* — filter
filtro *(m.)* — liefdesdrank, toordrank
fim *(m.)* — end, einde; doel; **fim de semana** — naweek; **a fim de** — om te; **a fim de que** — sodat; **por fim** — op-

laas, uiteindelik; **pôr fim à vida** — om jou lewe te neem; **os fins justificam os meios** — die doel heilig die middel
fimbria *(f.)* — soom
finado *(m.)* — oorledene, gestorwene; **dia** *(m.)* **de finados** — Allersieledag
final — finaal; *(subst.)* *(m.)* finale; *(f.)* eindwedstryd, finaal; **proposição** *(f.)* **final** — bysin van doel
finalidade *(f.)* — doelwit
finalista *(m., f.)* — finalis
finalizar — om te voltooi, af te handel, te beklink
finanças *(f. pl.)* — finansies
financeiro, -ra — finansieel; *(subst.)* *(m.)* finansier
financiamento *(m.)* — finansiering
financiar — om te finansier
finar — om tot 'n einde te kom; **finar-se** — om te sterf; **finar-se por** — om te hunker na
finca-pé *(m.)* — vasbeslotenheid; **fazer finca-pé em** — om aan te dring op; om jou voet dwars te sit
fincar — om in die grond te steek, vas te skop; **fincar-se** — om voet by stuk te hou
findar — om af te handel, af te rond
findo, -da — beëindig, afgerond
fineza *(f.)* — fynheid; **agradeço as suas finezas** — ek waardeer u vriendelikheid; **faça a fineza de entrar** — kom gerus binne
fingido, -da — vals, geveins(d), huigelagtig
fingidor *(m.)* — simulant, nabootser
fingimento *(m.)* — aansittery
fingir — om voor te gee, voor te wend; **fingir-se doente** — om siek te speel; **fingir-se ignorante** — om jou dom te hou
finito, -ta — eindig
finlandês, -desa — Fins; *(subst.)* Fin; *(m.)* Fins (taal)
fino, -na — fyn; *(fig.)* skerpsinnig, beskaafd; **fino como um coral** — fyn van aanvoeling; **beber do fino** — om ingewy te wees *(fig.)* om styl te hê *(coll.)* **fazer-se fino** — om slimjan te wees
finório, -ia — skelm, slu; *(subst.)* tweegatjakkals *(fig.)*
finta *(f.)* — skynbeweging, voorwendsel
fintar — om te fop
finura *(f.)* — fynheid; skerpsinnigheid
fio *(m.)* — draad, lyn; **fio de água** — stroompie water; **fio de azeite** — straaltjie olyfolie; **fio da navalha** — snykant van die lem; **fio de pérolas** — pêrelsnoer; **passar ao fio da espada** — om met die swaard te dood; **perder o fio à meada** — om die draad te verloor; **a fio** — agtereen; **de fio a pavio** — van begin tot einde; van voor tot agter; **a sua vida estava por um fio** — sy lewe hang aan 'n draadjie
fiorde *(m.)* — fjord
firma *(f.)* — handelsnaam; firma; **reconhecer a firma** *(Bras.)* — om 'n handtekening te beëdig
firmamento *(m.)* — firmament, hemelgewelf
firmar — om te verstewig, vas te maak; om te grond; **firmar um contrato** — om 'n kontrak aan te gaan; **firma-te bem no que te digo** — volg nou mooi wat ek vir jou sê; **Burton firmou-se no cinema** — Burton het in die rolprentwêreld naam gemaak
firme — vas, stewig; vasbeslote; **a pé firme** — rotsvas; **falar num tom firme** — om ferm te praat
firmeza *(f.)* — stewigheid; standvastigheid; **falar com firmeza** — om ferm te praat
fiscal *(m.)* — fiskaal; *(adj.)* fiskaal, belasting(s)-
fiscalização *(f.)* — kontrole, toesig
fiscalizar — om toesig te hou oor
fisco *(m.)* — fiskus, staatskas; ontvanger van inkomste
fisga *(f.)* — rek (met mikstok); gleufvenster; visspeer; **abrir uma fisga da porta** — om die deur op 'n skreef oop te maak
fisgar — om ('n vis) te speer; om te snap; **fisgar uma notícia** — om 'n nuusbrokkie op te raap
física *(f.)* — fisika
físico, -ca — fisies, liggaamlik; *(subst.)* fisikus; *(m.)* liggaamsbou, voorkoms
fisiologia *(f.)* — fisiologie
fisiólogo *(m.)* — fisioloog
fisionomia *(f.)* — fisionomie, gelaat
fisionómico, -ca — fisionomies
fisionomista *(m., f.)* — fisionoom, gelaatkundige; **ele é um bom fisionomista** — hy het 'n goeie geheue vir gesigte
fisioterapia *(f.)* — fisioterapie
físsil — kloofbaar, splytbaar
fissura *(f.)* — bars, skeur
fístula *(f.)* — fistel
fita *(f.)* — band; filmstrook; **fita magnética** — klankband; **fazer uma fita/fazer fitas** — om toneel te speel *(fig.)*
fitar — om aan te staar; om jou oë te rig
fiteiro *(m.)* — poseur, aansteller
fito *(m.)* — teiken; doelwit
fito, -ta — gerig; vas
fivela *(f.)* — gespe

fixação *(f.)* — fiksasie; vashegting, vestiging
fixador *(m.)* — fikseerbad; fikseermiddel
fixar — om te fikseer; om vas te heg; om in die geheue te prent; **fixar um encontro** — om 'n afspraak te maak; **fixar residência/fixar-se** — om jou te vestig
fixativo *(m.)* — fikseermiddel
fixo, -xa — vas
flacidez *(f.)* — slapheid
flácido, -da — slap
flagelação *(f.)* — geseling
flagelar — om te gesel
flagelo *(m.)* — geselroede; teistering; *(zool.)* sweephaar
flagrância *(f.)* — opvallendheid
flagrante — opvallend, flagrant; **em flagrante** — op heter daad
flama *(f.)* — vlam
flamante — vlammend; stralend
flamejante — brandend; flambojant
flamejar — om op te vlam; om te straal
flamengo, -ga — Vlaams; *(subst.)* Vlaming; *(m.)* Vlaams (taal)
flamingo *(m.)* — flamink
flâmula *(f.)* — wimpel
flanar — om te flaneer, te slenter
flanco *(m.)* — flank; **dar o flanco** — om jou bloot te stel
flanela *(f.)* — flanel; flennie, flanelet
flange *(m.)* — flens
flanquear — om te flankeer
flato *(m.)* — (maag)winderigheid, ongesteldheid; histeriese aanval; **estar com o flato** — om nie lekker te voel nie
flatulência *(f.)* — (maag)winderigheid
flatulento, -ta — vol (maag)winde
flauta *(f.)* — fluit
flautear — om die fluit te speel; *(fig.) (coll.)* om om die bos te lei; om te bespot; om vermaak te soek
flautim *(m.)* — piccolo, klein dwarsfluit
flautista *(m., f.)* — fluitspeler
flebite *(f.)* — aarontsteking
flecha *(f.)* — pyl
flectir — om te buig
fleima *(f.)*, **fleuma** *(m., f.)* — flegma *(fig.)*
fleumático, -ca — flegmaties
flexão *(f.)* — fleksie; buiging
flexibilidade *(f.)* — buigbaarheid
flexível — buigbaar
flibusteiro *(m.)* — vrybuiter; avonturier
floco *(m.)* — vlok
flor *(f.)* — blom; *(fig.)* bloei; room (van samelewing); **flor de farinha** — meelblom; **flores de retórica** — retoriese stylgrepe; **à flor de** — aan die oppervlak van; **na flor da idade** — in die fleur van die lewe
flora *(f.)* — flora
floração *(f.)* — bloei
floral — blom-; **jogos** *(m. pl.)* **florais** — digterswedstryd
florão *(m.)* — ornamentele sluitsteen; *(fig.)* juweel *(fig.)*
flor-de-lis *(f.)* — lelie (heraldies)
floreado, -da — geblom; blommeryk; bloemryk
florear — om te versier
floreira *(f.)* — blompot
florentino, -na — Florentyns; *(subst.)* Florentyn
florescência *(f.)* — bloei; opbloei
florescente — bloeiend; *(fig.)* florerend
florescer — om te blom; *(fig.)* om te gedy, te floreer
floresta *(f.)* — bos, woud
florete *(m.)* — floret
floricultura *(f.)* — kweek van blomme
florido, -da — blommeryk; bloemryk
florim *(m.)* — floryn
florir — om te blom, te bloei
florista *(m., f.)* — bloemis, bloemiste
flotilha *(f.)* — flottielje
flox *(m.)* — floks
fluência *(f.)* — stroming; vloeiendheid, vlotheid
fluente — vloeiend; *(fig.)* vlot
fluidez *(f.)* — vloeibaarheid
fluido, -da — vloeiend, vloeibaar; *(subst.) (m.)* vloeistof
fluir — om te vloei; om voort te vloei
fluor *(m.)* — fluoor
fluorescência *(f.)* — fluoressensie
fluorescente — fluoresserend
fluoroscopia *(f.)* — radioskopie
fluoroscópio *(m.)* — radioskoop
flutuabilidade *(f.)* — dryfvermoë
flutuação *(f.)* — dryf; fluktuasie; **linha** *(f.)* **de flutuação** — waterlyn
flutuador *(m.)* — drywende kaai; vlotter; dryfliggaam (van watervliegtuig)
flutuante — drywend; fluktuerend; **dívida** *(f.)* **flutuante** — vlottende skuld; **hotel** *(m.)* **flutuante** — drywende hotel
flutuar — om te dryf; om te dein; om te fluktueer
fluvial — rivier-
fluxo *(m.)* — vloed; vloeiing; vloei
fobia *(f.)* — fobie
foca *(f.)* — rob, seehond; *(m., f.) (fig.) (coll.)* vrek
focal — fokus-, fokaal; **ponto** *(m.)* **focal** — brandpunt

focalização *(f.)* — skerp instelling
focalizar, focar — om skerp in te stel; om in die prentjie te bring
focinhada *(f.)* — stoot met die snoet
focinheira *(f.)* — varksnuit; muilband
focinho *(m.)* — snoet
foco *(m.)* — fokus; brandpunt
fofo, -fa — sag, sponserig
fogaça *(f.)* — gevlegte/gedraaide brood
fogacho *(m.)* — vuurtjie
fogagem *(f.)* — uitslag (vel)
fogão *(m.)* — stoof; **fogão de sala** — kaggel
fogareiro *(m.)* — vuurpan, konfoor; **fogareiro a petróleo** — paraffienstofie
fogaréu *(m.)* — vuurtjie, vlammetjie; vetlamp
fogo *(m.)* — vuur; *(fig.)* gesin; **fogo de artifício/fogo de vista** — vuurwerk; **crime** *(m.)* **de fogo posto** — brandstigting; **condenar ao fogo** — om tot die vuurdood te veroordeel; **fazer fogo** — om te vuur; **pôr as mãos no fogo por alguém** — om in te staan vir iemand; **a ferro e fogo** — met alle mag
fogo-fátuo *(m.)* — dwaalliggie
fogosidade *(f.)* — vurigheid, gloed *(fig.)*
fogoso, -sa — vurig
fogueira *(f.)* — (kamp)vuur, vreugdevuur
foguetada *(f.)* — geknetter van vuurpyle; *(fig.)* berisping
foguetão *(m.)* — (ruimte)vuurpyl
foguete *(m.)* — vuurpyl
fogueteiro *(m.)* — vervaardiger van vuurwerk
foice *(f.)* — sens, seis; sekel; **meter a foice em seara alheia** — om jou neus in ander se sake te steek; **a talho de foice** — op die kop, doodreg
foicinha *(f.)* — sekel
folar *(m.)* — gevlegte/gedraaide brood
folclore *(m.)* — volkskunde
folclórico, -ca — volks-
folclorista *(m., f.)* — volkskundige
fole *(m.)* — blaasbalk, kamerabalg; **porta** *(f.)* **de fole** — voudeur, konsertinadeur
fôlego *(m.)* — asem(tog); **obra** *(f.)* **de largo fôlego** — magistrale werk; **ter sete fôlegos como o gato** — om 'n regte kanniedood te wees; **de um fôlego** — in een asem
foleiro *(m.)* — vervaardiger van blaasbalke; blaasbalktrekker
folga *(f.)* — vry tyd, oop tyd; **dia** *(m.)* **de folga** — rusdag; **estar de folga** — om diensvry te wees; **este vestido tem muita folga** — hierdie rok hang baie los
folgado, -da — rustig; los; *(fig.)* sorgeloos
folgança *(f.)* — vrolikheid, pret, ontspanning
folgar — om wyer te maak; om te rus, te ontspan; **folgo saber do sucesso do seu exame** — ek is verheug om van sy suksesvolle eksamen te verneem
folgazão, -zona — lughartig, opgeruimd
folguedo *(m.)* — vermaak, pret
folha *(f.)* — blaar; blad; vel (papier); **folha corrida** *(Bras.)* — polisierekord; **folha da faca/navalha** — lem van mes/skeermes; **ao cair da folha** — in die herfs; **novo em folha** — splinternuut
folhado, -da — beblaar(d), blaarryk; **massa** *(f.)* **folhada** — blaardeeg
folhagem *(f.)* — lower; blaardak
folhar — om blare te kry
folheado, -da — oorgetrek; **folheado a ouro/a prata** — vergul(d)/versilwer
folhear — om te blaai; om deur te blaai
folhedo *(m.)* — lower; blaardak
folhento, -ta — bladryk
folhetim *(m.)* — feuilleton
folhetinista *(m., f.)* — feuilleton-skrywer, vervolgverhaalskrywer
folheto *(m.)* — pamflet
folhinha *(f.)* — kalender, almanak; blaartjie
folho *(m.)* — valletjie, frille
folhoso, -sa, folhudo, -da — lowerryk
folia *(f.)* — jolyt, baljaardery
folião *(m.)* — baljaarder
folículo *(m.)* — follikel *(anat.)*
fólio *(m.)* — folio
fome *(f.)* — honger; **fome canina** — kwaai honger; **estar com fome/ter fome** — om honger te wees
fomentação *(f.)* — fomentasie; bevordering
fomentador *(m.)* — opstoker; bevorderaar
fomentar — om te fomenteer, aan te hits; om te bevorder
fomento *(m.)* — foment; ontwikkeling
fona, andar numa... — om onverpoos besig te wees, rond te skarrel
fonação *(f.)* — fonasie
fonador, -ra — spraakklank-; **aparelho** *(m.)* **fonador** — spraakorgane
fonema *(m.)* — foneem
fonética *(f.)* — fonetiek
fonético, -ca — foneties
fonógrafo *(m.)* — fonograaf
fonologia *(f.)* — fonologie
fontanário *(m.)* — straatfontein
fontanela *(f.)* — fontanel
fonte *(f.)* — bron, fontein; **fonte da cabeça** — slaap

fora — buite; **deitar/jogar fora** — om weg te gooi; **ficar de fora** — om uitgeslote te wees; om uit te hang; **fora de horas** — op 'n ongoddelike tyd; **fora de mão** — uit my/ons koers; op die verkeerde baan; **fora de propósito** — uit verband; **fora de si** — buite sigself; **pelo mundo (a) fora** — die wêreld deur
foragido, -da — voortvlugtig
foral *(m.)* — oktrooibrief
forasteiro, -ra — vreemd; *(subst.)* vreemdeling
força *(f.)* — galg
força *(f.)* — krag, geweld; **força pública** — polisie; **camisa** *(f.)* **de forças** — dwangbuis; **à força** — met geweld; **à força de** — deur (middel van); **em força** — in groot getalle; **por força** — noodgedwonge, noodwendig; **por motivo de força maior** — weens redes buite ons beheer;
forcado *(m.)* — gaffel, tuinvurk
forçado, -da — gedwing, geforseer; aangeplak; *(subst.)* *(m.)* dwangarbeider; **forçado das galés** — galeislaaf; **trabalhos** *(m. pl.)* **forçados** — dwangarbeid
forçar — om te dwing, te forseer; **forçar as linhas do inimigo** — om die vyandelike linies te deurbreek; **forçar (uma mulher)** — om te verkrag
forcejar — om te streef; **forcejar-se** — om te poog
fórceps *(m.)* — verlostang
forçoso, -sa — kragtig; **é forçoso que** — dit is noodsaaklik dat
foreiro, -ra — tribuutpligtig, leenpligtig, huurpligtig
forense — juridies, regs-
forja *(f.)* — smedery, smidswinkel; smeegereedskap; **estar na forja** — om in voorbereiding te wees
forjador *(m.)* — smeder
forjado, -da — gesmee; **ferro** *(m.)* **forjado** — smee-yster
forjar — om te smee; **forjar calúnias** — om skinderstories te versin
forma *(f.)* — vorm; **da mesma forma** — op dieselfde manier; **de baixo de forma** — in geslote formasie; **de forma alguma** — geensins; **de forma que** — sodat; **de qualquer forma** — in elk geval; **dessa/desta forma** — op dié manier, sodoende; **de tal forma que** — op so 'n manier dat; **em devida forma** — behoorlik; **entrar na forma** — om reg te kom
forma *(f.)* — (koek)vorm; (skoen)lees
formação *(f.)* — vorming; konstitusie; formasie
formado, -da — gevorm(d); in formasie; gegradueer(d)
formal — formeel
formalidade *(f.)* — formaliteit
formalismo *(m.)* — formalisme
formalista *(m., f.)* — formalis; *(adj.)* formalisties
formalizar — om te formaliseer, 'n behoorlike vorm te gee aan; **formalizar-se** — om eksepsie te neem
formão *(m.)* — houtbeitel
formar — om te vorm; **formar uma sociedade** — om 'n vereniging te stig; **o comandante deu ordem para formar** — die kommandant het die bevel gegee om in te val; **formar-se** — om jou te vorm, gevorm te word; om te gradueer
formativo, -va — vormgewend, vormend; **anos** *(m. pl.)* **formativos** — wordingsjare
formato *(m.)* — formaat
formatura *(f.)* — graduering; *(mil.)* formasie
formicida *(m.)* — miergif
fórmico, -ca — miere-; **ácido** *(m.)* **fórmico** — miersuur
formidável — formidabel, ontsaglik, gedug; *(coll.)* wonderlik, fantasties
formiga *(f.)* — mier; **formiga branca** — witmier
formigante — jeukerig; wemelend
formigar — om te jeuk; om te wemel
formigueiro *(m.)* — miershoop; **sinto um formigueiro na perna** — my been jeuk
formol *(m.)* — formaldehide
formoso, -sa — mooi, pragtig
formosura *(f.)* — skoonheid
fórmula *(f.)* — formule
formulação *(f.)* — formulering
formular — om te formuleer
formulário *(m.)* — vorm; formulier; resepteversameling
fornada *(f.)* — baksel, klomp
fornalha *(f.)* — smeltoond; vuuroond; **esta casa está uma fornalha** — hierdie huis is 'n bakoond
fornecedor *(m.)* — leweransier
fornecer — om te lewer, te voorsien
fornecimento *(m.)* — voorsiening, lewering; aflewering
fornicação *(f.)* — geslagsverkeer
fornicar — om geslagsomgang te hê
fornido, -da — voorsien (van), toegerus (met); **fornido de carnes** — geset, vet
fornilho *(m.)* — oondjie; **fornilho do cachimbo** — pypkop
forno *(m.)* — oond; **alto forno** — hoogoond

foro *(m.)* — forum
foro *(m.)* — regbank; eiendomsbelasting; **foro eclesiástico** — kerklike jurisdiksie; **foro íntimo** — gewete
forquilha *(f.)* — tuinvurk
forragem *(f.)* — voer; *(obs.)* onderhoudstoelae vir perde
forrar — om te voer (materiaal); om te (be)dek, oor te trek; **forrar dinheiro** — om geld te spaar
forrar — om (slawe) vry te laat
forreta *(m., f.)* — suinige mens
forro *(m.)* — voering (materiaal); afwerkingsmateriaal (van huis); **forro da casa** — plafonhout; dakruimte
forro, -ra — vrygelaat; **comer à tripa forra** — om jou kosteloos vol te eet
forrobodó *(m.)* — baljaardery, fuifparty
fortalecer — om te versterk; *(fig.)* om aan te moedig; **o que não nos mata fortalece-nos** — wat nie doodmaak nie, maak vet
fortalecimento *(m.)* — versterking; *(fig.)* aanmoediging
fortaleza *(f.)* — vesting; stewigheid; karakterkrag
forte *(m.)* — fort; sterk punt, fort
forte — sterk; hard; **praça** *(f.)* **forte** — vestingstad
fortificação *(f.)* — fortifikasie
fortificante — kraggewend; *(subst.)* *(m.)* versterkmiddel
fortificar — om te fortifiseer; om sterk te maak
fortim *(m.)* — klein fort, blokhuis
fortuito, -ta — toevallig, onvoorsien
fortuna *(f.)* — geluk; fortuin
fortunoso, -sa — gelukkig
fórum *(m.)* — forum
fosco, -ca — donker; mat; **vidro** *(m.)* **fosco** — matglas
fosfato *(m.)* — fosfaat
fosforeira *(f.)* — vuurhoutjiedoos
fosforeiro *(m.)* — vervaardiger van vuurhoutjies
fosfóreo, -ea — fosforhoudend
fosforescência *(f.)* — fosforessensie
fosforescente — fosforesserend
fosforescer — om te fosforesseer, te glim
fosfórico, -ca — fosfor-
fósforo *(m.)* — fosfor; vuurhoutjie
fosforoso, -sa — fosforhoudend
fossa *(f.)* — put, gat; **fossa nasal** — neusholte; **fossa séptica** — verrottingstenk
fossado, -da — vol slote; *(subst.)* *(m.)* geharde vegter; **homem** *(m.)* **de fossado** — vegter in die voorste linie
fossão *(m.)* — harde werker; *(fig.)* vraat
fossar — om slote te grawe; *(fig.)* om te swoeg
fóssil *(m.)* — fossiel; *(adj.)* fossiel-
fossilização *(f.)* — fossilering
fossilizar — om te fossileer
fosso *(m.)* — sloot, grag
foto *(f.)* — kiekie
fotocópia *(f.)* — fotokopie
fotocela *(f.)*, **fotocélula** *(f.)* — foto-elektriese sel
fotogénico, -ca — fotogenies
fotografar — om te fotografeer
fotografia *(f.)* — fotografie; foto
fotográfico, -ca — fotografies; **máquina** *(f.)* **fotográfica** — kamera
fotógrafo *(m.)* — fotograaf
fotogravura *(f.)* — fotogravure
fotómetro *(m.)* — ligmeter
fotossíntese *(f.)* — fotosintese
foz *(f.)* — riviermond
Fr. — afkorting van **frei**, aanspreekvorm vir monnike
fração *(f.)* *(Bras.)* — vide: **fracção**
fracassar — om in duie te stort
fracasso *(m.)* — mislukking
fracção *(f.)* — breuk, fraksie
fraccionamento *(m.)* — fraksionering
fraccionar — om op te breek, te fraksioneer
fraccionário, -ia — fraksioneel
fracionamento *(m.)* *(Bras.)* — vide: **fraccionamento**
fracionar *(Bras.)* — vide: **fraccionar**
fracionário, -ia *(Bras.)* — vide: **fraccionário**
fraco, -ca — swak, tingerig; **fraco de memória** — vergeetagtig; **fraco do peito** — vatbaar vir tering; **ter a bolsa fraca** — om weinig geld te hê; **ter um fraco por** — om 'n swak te hê vir
fractura *(f.)* — fraktuur
fracturar — om ('n been) te breek
frade *(m.)* — monnik; **frade leigo** — lekebroeder
fradesco, -ca — priesteragtig
fraga *(f.)* — rots(wand)
fragata *(f.)* — fregat, vragskuit; fregatvoël
fragateiro *(m.)* — vragskipper
frágil — breekbaar, tenger; **saúde** *(f.)* **frágil** — swak gesondheid
fragilidade *(f.)* — breekbaarheid, tengerheid
fragílimo, -ma — baie tenger, besonder breekbaar
fragmentação *(f.)* — fragmentering
fragmentar — om te fragmenteer; om te versplinter

fragmentário, -ia — fragmentaries, onvolledig
fragmento *(m.)* — fragment
fragor *(m.)* — gedonder, gebulder
fragoroso, -sa — donderend, dreunend
fragosidade *(f.)* — klipperigheid, oneffenheid
fragoso, -sa — rotsagtig, klipperig
fragrância *(f.)* — welriekendheid
fragrante — welriekend
frágua *(f.)* — bitterheid *(fig.)*; bakoond *(fig.)*
fraguedo *(m.)* — krans, rotsmuur
fragueiro, -ra — onvermoeibaar, hardwerkend; landelik
fralda *(f.)* — babadoek, luier; hempslip; **fralda do mar** — strand; **fralda do monte** — voorheuwels
fraldiqueiro, -ra, fraldisqueiro, -ra — rusteloos, senuweeagtig; verwyf(d); *(subst.) (f.)* steekneus; **cão** *(m.)* **fraldisqueiro** — skoothond(jie)
framboesa *(f.)* — framboos
framboeseiro *(m.)* — framboosbos
França *(f.)* — hoogste tak (van boom)
França *(f.)* — Frankryk
francês, -esa — Frans; *(subst.)* Fransman, Franse vrou; *(m.)* Frans (taal); **despedir-se à francesa** — om ongesiens weg te glip
francesismo *(m.)* — gallisisme
franciscano, -na — Franciskaans; *(subst.)* Franciskaan, Franciskaner
franco, -ca — vrymoedig, openhartig, reguit; vrygewig; **franco de porte** — posvry; **entrada** *(f.)* **franca** — toegang gratis; **lingua** *(f.)* **franca** — verkeerstaal; **porto** *(m.)* **franco** — vryhawe
franeo, -ca — Frankies; *(subst.)* Frank; *(m.)* Frankies (taal); **guerra** *(f.)* **franco-turca** — Frans-Turkse oorlog
franco *(m.)* — frank
franco-atirador *(m.)* — partisaan; sluipskutter
franco-mação *(m.)* — vrymesselaar
franco-maçonaria *(f.)* — vrymesselary
frangalhos *(m. pl.)* — vodde; **estar num frangalho** *(fig.)* — om 'n gebroke mens te wees
frangalhote *(m.)*, **franganote** *(m.)* — opgeskote seun
frango *(m.)* — jong hoender, braaihoender
franja *(f.)* — fraiing, klossie; gordyntjie (hare)
franjado, -da — versier met fraiings; **estilo** *(m.)* **franjado** — oorlade styl
franjar — om met fraiings te versier
franquear — om oop te stel; **franquear de direitos** — om van gelde vry te stel; **franquear a carta** — om 'n brief te frankeer; **franquear o segredo** — om 'n geheim te openbaar
franqueza *(f.)* — vrymoedigheid, openhartigheid; vrygewigheid
franquia *(f.)* — vrystelling; voorreg; frankering
franquiar — om te frankeer
franzido, -da — ingeplooi
franzino, -na — skraal, tenger
franzir — om in te ryg, in te plooi; **franzir as sobrancelhas** — om te frons; **franzir a testa** — om die wenkbroue te lig
fraque *(m.)* — swaelstertpak
fraquejar — om te verswak
fraqueza *(f.)* — swakheid; **estar em fraqueza** — om honger te wees; **fazer das fraquezas forças** — om van die nood 'n deug te maak; **o estômago está em fraqueza** — die maag is leeg
frascário, -ia *(coll.)* — losbandig; wellustig
frasco *(m.)* — flessie; *(fig.) (coll.)* maer kraai
frase *(f.)* — sin; sinsnede; frase
fraseado, -da — bewoord; *(mus.)* gefraseer; *(subst.) (m.)* uitdrukkingswyse; *(mus.)* frasering
frasear — om uit te druk; *(mus.)* om te fraseer
fraseologia *(f.)* — sinsbou, fraseologie
fraternal — broederlik; hartlik
fraternidade *(f.)* — broederskap
fraternização *(f.)* — fraternisering, verbroedering
fraternizar — om te verbroeder, te fraterniseer
fraterno, -na — broederlik; hartlik
fratricida *(m., f.)* — broedermoordenaar
fratricídio *(m.)* — broedermoord
fratura, fraturar *(Bras.)* — vide: **fractura, fracturar**
fraude *(f.)* — bedrog; **entrar no porto em fraude** — om die hawe skelm binne te vaar; **estar em fraude** — om aan bedrog skuldig te wees
fraudulência *(f.)* — bedrieglikheid, bedrog
fraudulento, -ta — bedrieglik
frear *(Bras.)* — om te onderdruk; om remme aan te slaan, te rem
frecha *(f.)* — pyl
frecheiro *(m.)* — boogskutter
frege *(m.) (Bras.)* — kroeg; rusie
freguês *(m.)* — kliënt; *(obs.)* gemeentelid
freguesia *(f.)* — klandisie; gemeente
frei — aanspreekvorm vir monnike

freio *(m.)* — stang; rem; *(fig.)* hindernis, onderdrukking; **freio da língua** — tongmembraan; **não ter freio na língua** — om 'n los tong te hê; **tomar o freio nos dentes** *(fig.)* — om jou eie kop te volg
freira *(f.)* — non
freirático, -ca — kloosteragtig; *(subst.)* *(m.)* minnaar van 'n non
freire *(m.)* — monnik
freixo *(m.)* — es, essehout
fremente — bewend
fremir — om te bewe
frémito *(m.)* — bewerasie; ritseling
frenesi *(m.)* — raserny; **amar/trabalhar com frenesi** — om dolverlief te wees/om besete te werk
frenético, -ca — rasend; wild, freneties
frenologia *(f.)* — frenologie
frente *(f.)* — voorkant (van gebou); front **com frenesi** — om dolverlief te wees/die hoof te bied; **ir para a frente** — om voort te gaan; om na die front te gaan; **em frente a** — voor, regoor; **em frente, marche!** — voorwaarts, mars!; **ele está à frente da bicha** — hy staan voor in die tou; **ele está à frente do movimento revolucionário** — hy staan aan die spits van die revolusionêre beweging
frequência *(f.)* — frekwensie; bywoning
frequentação *(f.)* — gereelde bywoning
frequentador *(m.)* — gereelde gebruiker/ondersteuner
frequentar — om gereeld te besoek/by te woon
frequentativo, -va — frekwentatief
frequente — herhaald, gereeld, talryk
fresa *(f.)* — frees(werktuig), freesmasjien
fresador *(m.)* — freesbediener
fresagem *(f.)* — frees
fresar — om te frees
fresca *(f.)* — aandluggie; koelte
fresco, -ca — vars, fris, koel; *(subst.)* *(m. pl.)* vars groente; **de fresco** — onlangs; **pintado de fresco** — nat verf; **pôr-se ao fresco** *(coll.)* — om weg te hol
fresco *(m.)* — fresko
frescor *(m.)*, **frescura** *(f.)* — koelte; varsheid
fresia *(f.)* — freesia
fresquidão *(f.)* — koelte; varsheid
fressura *(f.)* — harslag
fresta *(f.)* — gleufvenster
fretagem *(f.)* — vervoer; vraggeld
fretamento *(m.)* — huur (van karweier)
fretar — om ('n karweier) te huur
frete *(m.)* — vrag, lugvrag; vraggeld; **fazer um frete** *(coll.)* — om 'n lastige opdrag uit te voer
freudiano, -na — Freudiaans
freudismo *(m.)* — Freudianisme
friagem *(f.)* — ryp; skade veroorsaak deur ryp
frialdade *(f.)* — koue
fricassé *(m.)* — frikassee
fricativa *(f.)* — frikatief
fricção *(f.)* — friksie, wrywing; kopmassering, invryf
friccionar — om in te vryf, te masseer
frieira *(f.)* — wintershande, wintersvoete
frieza *(f.)* — koudheid, kilheid; onverskilligheid
frigideira *(f.)* — braaipan
frigidez *(f.)* — koudheid, seksuele kilheid
frígido, -da — kil, seksueel onverskillig; ysig
frígio, -ia — Frigies; *(subst.)* Frigiër; **barrete** *(m.)* **frígio** — Frigiese mus
frigir — om te braai, te bak
frigorífico *(m.)* — yskas, koelkas; **câmara** *(f.)* **frigorífica** — koelkamer; **vagão** *(m.)* **frigorífico** — koeltrok
frio, -ia — koud; **estar com frio/ter frio** — om koud te kry; **operar a frio** — om te opereer nadat ontsteking verby is; om sonder verdowing te opereer; **soldar a frio** — om te soldeer; **faz frio** — dit is koud
frio *(m.)* — koue; *(pl.)* *(Bras.)* koue vleis
friorento, -ta — kouelik
frisa *(f.)* — teaterloge; fries
frisado, -da — kroes, krullerig
frisante — oortuigend, sprekend
frisão *(m.)* — Fries; Friesperd
frisar — om te beklemtoon, te onderstreep; om kroes te maak, te krul
friso *(m.)* — fries
fritada *(f.)* — roereiergereg; braaigereg
fritar — om te braai, te bak
frito, -ta — gebak, gebraai; *(m. pl.)* vetgebak; **batatas** *(f. pl.)* **fritas** — aartappelskyfies; **ovo** *(m.)* **frito** — gebakte eier; **estar frito** *(fig.)* — om in die pekel te sit
fritura *(f.)* — gebraaide gereg
frivolidade *(f.)* — ligsinnigheid; beuselagtigheid
frívolo, -la — oppervlakkig, ligsinnig
froixeza *(f.)*, **froixidade** *(f.)*, **froixidão** *(f.)* — slapheid; laksheid
froixo, -xa — los, slap; *(coll.)* seksueel kil
frondejante, frondoso, -sa — lowerryk
fronha *(f.)* — kussingsloop
frontal — frontaal
frontão *(m.)* — fronton
frontaria *(f.)* — fasade

fronte *(f.)* — voorkop
fronteira *(f.)* — grens
fronteiriço, -ça — grens-
fronteiro, -ra — teenoor; *(subst.) (m.) (obs.)* grenskommandant
frontispício *(m.)* — versierde titelblad, titelprent
frota *(f.)* — vloot
frouxo, -xa — los, slap; *(coll.)* seksueel kil
frouxeza *(f.)*, **frouxidade** *(f.)*, **frouxidão** *(f.)* — slapheid; laksheid
frugal — vrugte-; beskeie
frugalidade *(f.)* — spaarsaamheid; eenvoudige leefwyse
fruição *(f.)* — vruggebruik; genot
fruir — om vruggebruik te hê; om te geniet
fruncho *(m.)*, **frunco** *(m.)*, **frúnculo** *(m.)* — karbonkel, nege-oog
frustração *(f.)* — frustrasie; verydeling
frustrar — om te frustreer; om te verydel, te dwarsboom
fruta *(f.)* — vrugte; vrug; **fruta do tempo** — vrugte van die seisoen; tydsverskynsel
fruteira *(f.)* — vrugtebak
fruteiro *(m.)* — vrugtesmous, vrugtehandelaar
fruticultor *(m.)* — vrugteboer
fruticultura *(f.)* — vrugteboerdery
frutífero, -ra — vrugdraend; *(fig.)* vrugbaar
frutificação *(f.)* — vrugvorming
frutificar — om vrugte te dra; om vrugte af te werp
fruto *(m.)* — vrug; *(fig.)* uitslag, gevolg; **o fruto proibido é o mais apetecido** — verbode vrugte is die lekkerste
frutuoso, -sa — vrugdraend, vol vrugte; *(fig.)* vrugbaar
fu! — sjoe!
fubá *(m.) (Bras.)* — geelmieliepap
fúcsia *(f.)* — fuchsia, foksia
fucsina *(f.)* — fuchsien, roosanilien
fueguino, -na — Vuurlands; *(subst.)* Vuurlander
fueiro *(m.)* — reling
fúfia *(f.)* — pretensieuse vrou; *(m., f.)* persoon wat toevallig in 'n hoë pos beland het
fúfio, -ia — ordinêr
fuga *(f.)* — vlug; *(mus.)* fuga; lekplek; **pôr em fuga** — om op die vlug te ja
fugaz — vlugtig, kortstondig, verganklik
fugida *(f.)* — vlug; **de fugida** — vlugtig, vinnig; **hoje dei uma fugida para ir ao médico** — vandag het ek weggeglip dokter toe
fugidiço, -ça, fugidio, -ia — skugter; vlugtig; gereed om op die vlug te slaan
fugir — om te vlug; om weg te hardloop/weg te vlieg; **fugir ao assunto** — om af te dwaal van 'n onderwerp; **fugir com o rabo à seringa** *(coll.)* — om lyf weg te steek
fugitivo, -va — voortvlugtig; *(fig.)* verganklik, kortstondig
fuinha *(f.)* — wesel; *(fig.)* nydige persoon
fula, à ... — stampvol; holderstebolder
fulano *(m.)* — betrokke persoon; **fulano, beltrano e sicrano** — Piet, Paul en Klaas
fulcro *(m.)* — draaipunt; steunpunt; **o fulcro do assunto** — die kern van die saak
fulgente, fúlgido, -da — stralend, skitterend, glansend
fulgir — om te straal, te skitter
fulgor *(m.)* — glans
fulguração *(f.)* — skittering; weerlig
fulgurância *(f.)* — glansing
fulgurante — blitsend, glansend; **dor** *(f.)* **fulgurante** — skietende pyn
fulgurar — om te skyn; *(fig.)* om uit te straal, uit te blink
fuligem *(f.)* — roet
fuliginoso, -sa — roetagtig; donker
fulminado, -da — deur die bliksem getref; **caiu fulminado por uma apoplexia** — hy is skielik dood aan beroerte
fulminante — blitsend; snydend, heftig; *(subst.) (m.)* knalpatroontjie; **doença** *(f.)* **fulminante** — blitsige en dodelike siekte
fulminar — om (met die bliksem) te tref; om dodelik neer te vel; **fulminar ameaças** — om met dreigemente los te brand; **fulminar um inimigo/a oposição política** — om 'n vyand/die politieke opposisie te vernietig
fulo, -la — woedend
fulvo, -va — geelbruin
fumaça *(f.)* — rookdampie
fumaceira *(f.)* — rookwolk
fumador *(m.)* — roker
fumagem *(f.)* — rook (van vleis)
fumar — om te rook; **é proibido fumar** — rook verbode
fumarada *(f.)* — rookwolk
fumegante — rokend; dampend
fumegar — om rook af te gee; om te damp; *(fig.)* om te woed
fumeiro *(m.)* — rokery; **carne de fumeiro** — rookvleis
fumigação *(f.)* — fumigasie
fumigador *(m.)* — beroker, fumigeerder
fumigar — om te fumigeer

fumo *(m.)* — rook, damp; **faz fumo** — dit rook; **em fumos de santidade** — in die waas van heiligheid; **não há fumo sem fogo** — geen rook sonder vuur nie
fumoso, -sa — rokerig; *(fig.)* verwaand
funambulismo *(m.)* — koorddans
funâmbulo *(m.)* koorddanser; *(fig.)* manteldraaier
função *(f.)* — funksie, werk
funcho *(m.)* — vinkel
funcional — funksioneel
funcionalismo *(m.)* — staatsdiens
funcionamento *(m.)* — funksionering, werking
funcionar — om te funksioneer, te werk
funcionário *(m.)* — amptenaar; **funcionário público** — staatsamptenaar
funda *(f.)* — slinger; breukband
fundação *(f.)* — stigting; *(pl.)* fondament
fundador *(m.)* — stigter
fundamentado, -da — gefundeer, gegrond
fundamental — fundamenteel
fundamentar — om te fundeer
fundamento *(m.)* — fondament, grondslag, grondves
fundar — om te stig; **fundar um edifício** — om die fondamente van 'n gebou te lê; **fundar uma empresa comercial** — om 'n firma te stig; **fundar um estado** — om 'n staat te grondves
fundeadoiro *(m.)*, **fundeadouro** *(m.)* — ankerplek
fundear — om anker te gooi
fundente — smeltend, gesmelt; *(subst.)* *(m.)* smeltmiddel
fundição *(f.)* — smelting, smeltery
fundidor *(m.)* — smelter
fundilhos *(m. pl.)* — sitvlak/boom (van broek)
fundir — om te smelt, te giet; **fundir-se** — om saam te smelt
fundista *(m., f.)* — langafstandatleet
fundo *(m.)* — bodem, grond; *(pl.)* fondse; *(adj.)* diep; **fundo da agulha** — naaldoog; **artigo** *(m.)* **de fundo** — hoofartikel; **ir ao fundo** — om te sink; **ir ao fundo da questão** — om 'n kwessie grondig te deurdink; **prometer mundos e fundos** — om die sterre te belowe; **a fundo** — deur en deur
fundura *(f.)* — diepte
fúnebre — luguber, somber; **cortejo** *(m.)* **fúnebre** — begrafnisstoet; **honras** *(f. pl.)* **fúnebres** — die laaste eer; **oração** *(f.)* **fúnebre** — grafrede
funeral *(m.)* — begrafnis; *(pl.)* seremoniële begrafnis; **funerais nacionais** — staatsbegrafnis
funerário, -ia — begrafnis-; **agência** *(f.)* **funerária** — begrafnisondernemer; **coroa** *(f.)* **funerária** — krans; **urna** *(f.)* **funerária** — urn, lykbus
funéreo, -ea — dode-, graf-
funesto, -ta — dodelik, noodlottig; ontsettend
fungar — om te snuif; om te brom
fungicida *(f.)* — swamdoder
fungo *(m.)* — skimmel, swam
fungosidade *(f.)* — swamagtigheid
fungoso, -sa — swamagtig
funicular *(m.)* — kabelspoor
funil *(m.)* — tregter; **moral** *(f.)*/**justiça** *(f.)* **de funil** — partydige moraal/regspraak
funileiro *(m.)* — blikslaer
furacão *(m.)* — orkaan
furão *(m.)* — fret; *(fig.)* snuffelaar; voorslag *(fig.)*
furar — om (in die grond) te grawe; om ('n muur) te deurboor; *(fig.)* om te swoeg; **furar uma greve** — om 'n staking te breek; **furar o negócio** *(fig.)* — om 'n saak te dwarsboom; **água mole em pedra dura, tanto dá até que fura** — aanhouer wen
furgão *(m.)* — bagasiewa; bakkie
fúria *(f.)* — woede
furibundo, -da — woedend
furioso, -sa — woedend, rasend
furna *(f.)* — grot, hool
furo *(m.)* — gat; **furo no pneu** — pap wiel
furor *(m.)* — woede, raserny; **fazer furor** — om furore te maak; **o vento sopra com furor** — die wind waai woes
furriel *(m.)* — onderoffisier tussen korporaal en sersant
furta-cor — weerskyn-
furtadela *(f.)* — koesbeweging; **às furtadelas** — ongemerk, skelmpies; **dei uma furtadela a Lourenço Marques** — ek het 'n draaitjie na Lourenço Marques gemaak
furtar — om te steel; **furtar-se ao dever** — om jou plig te versuim; **furtar-se à responsabilidade** — om verantwoordelikheid te ontduik; **furtar o corpo ao golpe** — om te koes vir die slag
furtivo, -va — heimlik, verstole
furto *(m.)* — diefstal; buit
furúnculo *(m.)* — karbonkel
furunculose *(f.)* — karbonkeluitslag
furunculoso, -sa — karbonkelagtig; met swere oortrek
fusa *(f.)* *(mus.)* — sestiendenoot
fusão *(f.)* — fusie; samesmelting

fusco, -ca — donker, donkerig
fuselagem *(f.)* — romp (vliegtuig)
fusibilidade *(f.)* — smeltbaarheid
fusível — smeltbaar; *(subst.)* *(m.)* smeltdraad
fuso *(m.)* — spoel; *(geom.)* omwentelingsliggaam; **fuso horário** — landgebied tussen twee meridiane; uurboog *(geog.)*; **direito como um fuso** — kersregop
fustão *(m.)* — pikee
fuste *(m.)* — steel; **fuste da coronha** — handskut; **fuste da coluna** — suilliggaam
fustigar — om af te ransel, te gesel; **a chuva fustiga o telhado** — die reën peits op die dak
futebol *(m.)* — voetbal, sokker
futebolista *(m., f.)* — sokkerspeler
fútil — futiel, nutteloos, nietig
futilidade *(f.)* — futiliteit, nietigheid, nuteloosheid
futuração *(f.)* — voorspelling; gissing
futurar — om te voorspel; om te gis
futurismo *(m.)* — futurisme
futurista *(m., f.)* — futuris; *(adj.)* futuristies
futuro, -ra — toekomstig; *(subst.)* *(m.)* toekoms; *(gram.)* toekomende tyd; *(f.)* aanstaande (bruid); **ter futuro** — om 'n toekoms te hê; **o futuro a Deus pertence** — God weet alleen
fuxicar *(Bras.)* — om te skinder
fuxico *(m.)* *(Bras.)* — skinderstorie
fuxiqueiro *(m.)* *(Bras.)* — kwaadsteker
fuzil *(m.)* — flintgeweer; haan
fuzilada *(f.)* — geweerskoot; fusillade
fuzilamento *(m.)* — fusillering
fuzilar — om te fusilleer, dood te skiet; **os olhos dela fuzilaram de cólera** — haar oë blits
fuzilaria *(f.)* — fusillade, geweersalvo, geweervuur
fuzileiro *(m.)* — skut
fuzuê *(m.)* *(Bras.)* — bohaai

G

gabação *(f.)*, **gabadela** *(f.)* — woorde van lof, loftuiting; **em gabação de** — tot lof van
gabão *(m.)* — skaapwagtersmantel
gabar — om te prys, lof toe te swaai; **gabar-se** — om te spog
gabardina *(f.)*, **gabardine** *(f.)* — reënjas; gabardien
gabari *(m.)*, **gabarito** *(m.)* — meettoestel, sjabloon, patroon
gabarola *(m., f.)* *(coll.)* — grootbek
gabarolice *(f.)* — windmakery
gabela *(f.)* — gerf
gabela *(f.)* *(obs.)* — belasting op sout
gabinete *(m.)* — kantoor, studeerkamer; kabinet (ministers)
gadanha *(f.)* — seis, sens
gadanheira *(f.)* — maaimasjien
gadanho *(m.)* — hooihark
gado *(m.)* — vee; **gado bravo** — stiere geteel vir stiergevegte; **gado grosso** — grootvee; **gado miúdo** — kleinvee
gafa *(f.)* — melaatsheid; brandsiekte, omloop
gafanhoto *(m.)* — sprinkaan
gafaria *(f.)* — leprosehospitaal
gafe *(f.)* — flater
gafeira *(f.)* — melaatsheid; omloop
gafeirento, -ta, gafeiroso, -sa, gafento, -ta — melaats
gafo, -fa — melaats; *(fig.)* korrup
gaforina *(f.)* — bossiekop
gago, -ga — stotterend; *(subst.)* hakkelaar
gagá — seniel, simpel
gagueira *(f.)* — gehakkel
gaguejar — om te hakkel, te stotter; om te stamel
gaguejo *(m.)* — gestamel
gaguez *(f.)* — gehakkel, gestamel
gaiatice *(f.)* — ondeundheid; kwajongstreek
gaiato *(m.)* — rakker, vabondjie; *(adj.)* ondeund
gaifona *(f.)* *(coll.)* — grimas
gaiola *(f.)* — voëlhok, kou; **estar na gaiola** *(coll.)* — om in die tronk te sit
gaita *(f.)* — mondfluitjie; **gaita de foles** — doedelsak
gaitada *(f.)* *(coll.)* — kattekoor
gaiteiro *(m.)* — bespeler van 'n mondfluit; *(adj.)* vrolik
gaivota *(f.)* — seemeeu
gajé *(m.)* *(coll.)* — grasie
gajo *(m.)* *(coll.)* — kêrel, vent
gala *(f.)* — gala; **fato** *(m.)* **de gala** — feesgewaad
galã *(m.)* — romantiese hoofakteur; minnaar
galalau *(m.)* *(Bras.)* — lang man
galantaria *(f.)* — galanterie

galante — galant; **história** *(f.)* **galante** — vrystorie
galanteador *(m.)* — damesvriend, vroue-vleier
galantear — om die hof te maak
galanteio *(m.)* — galante kompliment
galão *(m.)* — galon
galão *(m.)* — gelling
galapo *(m.)* — saalkussing
galar — om te dek (by voëls)
galardão *(m.)* — beloning
galardoar — om te beloon
galarim *(m.)* — toppunt
galáxia *(f.)* — Melkweg; sterrehoop
galé *(f.)* — galei (skip); *(typ.)* galei
galeão *(m.)* — galjoen
galego, -ga — Galicies; *(subst.)* Galiciër; growwe persoon
galegada *(f.)* *(coll.)* — gepeupel; grofheid, growwe daad
galena *(f.)*, **galenita** *(f.)* — galeniet
galeno *(m.)* *(coll.)* — dokter
galeote *(m.)* — galeislaaf
galeota *(f.)* — galjoot
galera *(f.)* — antieke galei; Portugese perdewa
galeria *(f.)* — galery
galês, -lesa — Wallies; *(subst.)* Wallieser; Wallies (taal)
galgar — om jou bene te rek, te nael; **galgar a escada** — om die trappe op/af te hardloop; **a pedra galgou toda a encosta** — toe rol die klip teen die helling af
galgo *(m.)* — windhond
galhardete *(m.)* — wimpel, vaandel
galhardia *(f.)* — betroubaarheid; manhaftigheid
galhardo, -da — betroubaar; manhaftig; *(subst.)* *(m.)* voor- en agterkasteel (skip)
galheta *(f.)* flessie
galheta *(f.)* *(coll.)* — klap
galheteiro *(m.)* — olie-en-asynstel
galho *(m.)* — tak; **galho de uvas** — tros druiwe; **ferrar o galho** *(coll.)* — om te dut
galhofa *(f.)* — skerts; geestigheid; **fazer galhofa de alguém** — om die spot te drywe met iemand
galhofar — om te skerts; **galhofar (de)** — om die spot te drywe (met)
galhofeiro, -ra — skertsend, opgeruimd; *(subst.)* grapjas
galhudo, -da — in baie takke verdeel
galilé *(f.)*, **galileia** *(f.)* — grafkelder; kloostervoorportaal
Galileia *(f.)* — Galilea
galileu, -eia — Galilees; *(subst.)* **Galileër**
galicismo *(m.)* — gallisisme
galináceo, -ea — hoenderagtig, hoender-; *(subst.)* *(f. pl.)* hoenderagtiges
galinha *(f.)* — hen; hoender; **deitar-se com as galinhas** — om met die hoenders te gaan slaap
galinha-de-Angola *(f.)*, **galinha-da-Guiné** *(f.)*, **galinha-da-Índia** *(f.)* — tarentaal
galinheiro *(m.)* — hoenderhok; *(fig.)* engelebak, boonste teatergalery
galo *(m.)* — haan; *(fig.)* *(coll.)* knop op die kop; **ao cantar do galo** — by die eerste haangekraai; **cantar de galo** — om koning te kraai; **outro galo cantaria** — dan sou dinge verbeter
galocha *(f.)* — oorskoen
galopada *(f.)* — galop
galopante — galopperend; **turberculose** *(f.)* **galopante** — galoptering
galopar — om te galop(peer)
galope *(m.)* — galop
galpão *(m.)* — afdak
galucho *(m.)* — rekruut
galvânico, -ca — galvanies
galvanismo *(m.)* — galvanisme
galvanização *(f.)* — galvanisering
galvanizar — om te galvaniseer
gama *(f.)* — *(mus.)* toonladder; gamma; *(fig.)* skala, gamut
gamão *(m.)* — bakspel
gambá *(m.)* *(Bras.)* — Brasiliaanse buideldier; **beber como um gambá** *(coll.)* — om te suip
gâmbia *(f.)* *(coll.)* — been, poot; **dar às gâmbias** — om te hol
gambiarra *(f.)* — verhoogligte; verlengingskabel
gambito *(m.)* — gambiet
gamela *(f.)* — varktrog; *(obs.)* eetblik, kantien
gamo *(m.)* — damhert
gana *(f.)* — drang, hunkering; wrok
ganadaria *(f.)* — stiertelery
ganadeiro *(m.)* — veeteler
ganância *(f.)* — inhaligheid, hebsug
ganancioso, -sa — inhalig, hebsugtig
ganapão *(m.)* — skepnet
gancho *(m.)* — haak; haarnaald; *(fig.)* *(coll.)* byverdienste
gandaia *(f.)* — leeglêery; **andar à gandaia** — om leeg te lê; om rond te slenter
gândara *(f.)* — barre stuk grond
ganga *(f.)* — duiwelsterk, denim
ganga *(f.)* — gangerts
gangético, -ca — m.b.t. die Gangesrivier, Ganges-
gânglio *(m.)* — ganglion, senuweeknoop; limfknoop

gangorra *(f.) (Bras.)* — wipplank
gangrena *(f.)* — gangreen, kouevuur
gangrenar — om kouevuur te veroorsaak; *(fig.)* om verrotting te veroorsaak, te korrupteer
gangrenoso, -sa — gangreneus
ganha-pão *(m.)* — brood, inkomste
ganhar — om te verdien; om te wen; **ganhar ânimo** — om moed te skep; **ganhar caminho** — om vooruit te gaan; **ganhar a costa** — om die kus te bereik; **ganhar a demanda** — om 'n saak te wen; **ganhar febre** — om koors op te doen; **ganhar juízo** — om verstandig te word; **ganhar pé** — om grond te raak; **ganhar presentes** — om geskenke te kry; **ganhar o respeito de alguém** — om iemand se respek af te dwing; **ganhar terreno** — om grond te wen
ganho, -nha — verdien; gewen
ganho *(m.)* — wins
ganido *(m.)* — getjank
ganir — om te tjank
ganso *(m.)* — gans
garage *(f.)*, **garagem** *(f.)* — motorhuis, motorhawe
garagista *(m.)* — motorhawebestuurder; werktuigkundige
garante *(m., f.)* — waarborger, borg
garantia *(f.)* — waarborg
garantir — om te waarborg
garapa *(f.) (Bras.)* — suikerrietsap; vrugtedrank
garatuja *(f.)* — gekrabbel, gekrap
garatujar — om te krabbel
garaveto *(m.)* — fynhout
garbo *(m.)* — grasie, elegansie
garboso, -sa — grasieus, elegant
garça *(f.)* — reier; **colo** *(m.)* **de garça** — slanke nek
garção *(m.) (Bras.)* — kelner
garço, -ça — grysgroen
gardénia *(f.)* — katjiepiering
gare *(f.)* — perron, platform
garfada *(f.)* — 'n vurkvol
garfo *(m.)* — vurk; **comida** *(f.)* **de garfo** — vaste kos; **ser um bom garfo** — om 'n gesonde eetlus te hê
gargalhada *(f.)* — skaterlag
gargalhar — om te skaterlag
gargalho *(m.)* — nek van 'n bottel
garganta *(f.)* — keel; gorrel; kloof; **dor** *(f.)* **de garganta** — om die strop om die nek te hê; **molhar a garganta** — om jou keel te smeer; **ter alguém/alguma coisa atravessado/-da na garganta** — om iemand/iets altyd swaar op jou maag te hê; **ter boa garganta** — om 'n goeie stem te hê
gargantear — om liggies hoë note te tril
gargantilha *(f.)* — nousluitende halssnoer
gargarejar — om te gorrel
gargarejo *(m.)* — gegorrel; gorrelmiddel
gárgula *(f.)* — waterspuier; dakspuier
garimpar *(Bras.)* — om te prospekteer
garimpeiro *(m.) (Bras.)* — prospekteerder
garimpo *(m.) (Bras.)* — goudveld; diamantveld
garlopa *(f.)* — grofskaaf
garoa *(f.)* — motreën
garotada *(f.)* — kleingoed
garotice *(f.)* — kinderstreek; kinderagtigheid
garoto, -ta — kinderlik; *(subst.) (m.)* kind (van 6 tot 12 jaar); *(f.) (Bras.)* doedie
garra *(f.)* — klou; **deitar a garra a alguém** — om iemand beet te pak; **ter garra** *(fig.)* — om begaafd te wees
garrafa *(f.)* — bottel, fles, kraffie
garrafada *(f.) (coll.)* — huismiddel, boereraat
garrafal — bottelvormig; **estilo** *(m.)* **garrafal** — emfatiese styl; **letra** *(f.)* **garrafal** — ornamentele letter, sierletter
garrafão *(m.)* — karba
garrafeira *(f.)* — wynkelder, wynvoorraad; drankkabinet
garraiada *(f.)* — stiergeveg met onervare stiere
garraio *(m.)* — jong stier; *(fig.)* onervare jong man
garrido, -da — helderkleurig; bont; opsigtig
garrotar — om te knewel, te verwurg
garrote *(m.)* — strop, wurgriem; *(coll.)* knelverband
garrotilho *(m.)* — kroep
garrulice *(f.)* — praatsug
gárrulo, -la — luidrugtig; spraaksaam, praatsiek
garupa *(f.)* — kruis (van perd); **ir de garupa** — om agter die ruiter op die perd te sit
gás *(m.)* — gas; **gás dos pântanos** — metaangas; **fogão** *(m.)* **a gás** — gasstoof
gasear — om te vergas
gaseificação *(f.)* — gasvorming
gaseificar — om in gas te verander
gasganete *(m.) (coll.)* — gorrel, nek
gasogénio *(m.)*, **gasógeno** *(m.)* — toestel vir vervaardiging van gas in plek van petrol
gasolina *(f.)* — petrol; **bomba** *(f.)* **de gasolina** — petrolpomp; vulstasie
gasómetro *(m.)* — gashouer, gassilinder

gasoso, -sa — gasagtig, gas-; *(subst.) (f.)* limonade; **bebida** *(f.)* **gasosa** — gashoudende koeldrank
gáspea *(f.)* — neus van skoen, punt van skoen
gastar — om te mors, te verkwis; **gastar dinheiro** — om geld uit te gee; **gastar fatos/vestidos** — om klere te dra, op te dra; **gastar largo/à larga** — om vryelik geld te spandeer; **gastamos café de Angola** — ons gebruik Angoolse koffie; **gastamos daquela mercearia** — ons doen inkopies by daardie winkel
gasto, -ta — vermors; uitgegee; *(subst.) (m.)* uitgawe, verbruik
gástrico, -ca — maag-
gastrite *(f.)* — maagontsteking
gastronomia *(f.)* — fyn kookkuns, gastronomie
gastronómico, -ca — voortreflik voorberei, kookkuns-
gastrónomo *(m.)* — fynproewer, baasskok, gastronoom
gastrópodes *(m. pl.)* — buikpotiges
gata *(f.)* — wyfiekat; **gata borralheira** — aspoestertjie; **andar de gatas** — om te kruip; **não poder com uma gata pelo rabo** — om nie jou hand te kan optel nie *(fig.)*
gatarrão *(m.)* — groot kat
gatear — om te klamp
gateiro, -ra — lief vir katte
gatilho *(m.)* — sneller; **mola** *(f.)* **do gatilho** — snellerveer
